

The background of the entire cover is a repeating pattern of stylized, flying books. Each book is depicted with motion lines behind it, suggesting it is falling or flying through the air. The books are white with blue outlines and some text on the pages. The pattern is set against a light orange or tan background.

MOEDERTAAL TWEETALIGHEID

Dr. P. J. MEYER.

*en
leer*



A371.98
MEY

Verkennerreeks No. 8

„Die vraag is of die Afrikaans-sprekende jeug nie doelbewus meer eentalig-Afrikaans moet word nie, d.i. of ons nie doelbewus moet afstuur op 'n Afrikaanse Opvoedkundige stelsel met werklike Moedertaal-onderwys as inleiding tot die ganse kultuur van die volk deur middel van die volkome beheersing van die eie taal nie.”

— *Die Skrywer.*

DIE VERKENNERREEKS

OPGESTEL DEUR DIE FEDERASIE VAN CALVINISTIESE
STUDENTEVERENIGINGS IN SUID-AFRIKA.

Redaksie:

Prof. Dr. H. G. Stoker en Ds. J. D. Vorster M.Div.

Adviseurs van die Redaksie:

Prof. Dr. J. D. du Toit, Prof. Dr. E. E. van Rooyen,
Ds. J. F. Mentz en Prof. J. C. van Rooy.

No. 8

Aan algar wat aan die waters van die wetenskap gedrink
het en nog drink, aan hulle wat elk in sy omgewing of in sy
werkkring nou of later leiding moet gee, wil hierdie bro-
sjurereeks in die Calvinistiese gees van ons Voortrekker-
voorouers voorligting verskaf in teoretiese en praktiese,
ak'uele vraagstukke op alle terreine van die wetenskap.

Die Woerd openbaar God aan ons as die absolute Soewerein
oor alles, as die Ewige uit Wie deur Wie en tot Wie alles
is. Ons moet lewe in die lig wat die Woerd van God in
alle betrekkinge van die lewe laat opgaan. Ons moet bulg
vir die gesag van die Woerd in alle betrekkinge van die
lewe, ons samelewing en kultuur, die beoefening van die
kuns, die wetenskap, die handel en die politiek.

(Dr. J. D. Kestell: „My Nasie in Nood“).

Vir F.C.S.V.-Publikasies sien slot van hierdie boek.

**PRO ECCLESIA-DRUKKERY (EDMS.) BPK.
STELLENBOSCH**

DIE VERKENNERREEKS

No. 8

Moedertaal en Tweetaligheid

deur

Dr. P. J. MEYER

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
STELLENBOSCH

1945

INLEIDEND.

Die beginsel van „volkome tweetaligheid” word taamlik algemeen aanvaar as die belangrikste grondslag waarop die oplossing van die Suid-Afrikaanse nasievraagstuk berus. Onder volkome tweetaligheid word dan die volkome beheersing van Engels deur die Afrikaanssprekende en die volkome beheersing van Afrikaans deur die Engelsprekende verstaan. Verder word algemeen beweer dat die toepassing van ’n beleid van volkome tweetaligheid veral vir die Afrikaanssprekende van buitengewone belang is, aangesien Engels die taal van die handel, industrie en geldwese in Suid-Afrika is en die volkome beheersing van Engels daarom ’n noodsaaklike voorwaarde vir ’n betrekking in die Engels-georiënteerde ekonomiese wêreld is. Dit is dan ook hoofsaaklik die Afrikaanssprekendes wat voortdurend waarsku teen die vermeende verskynsel dat die Afrikaanse jeug in toenemende mate „eentalig” Afrikaans word, d.i. Engels steeds minder goed beheer.

Die algemene opvatting hierbo genoem en die waarskuwing met betrekking tot die sogenoemde eentaligwording van die Afrikaanssprekende jeug en die aanbeveling van dubbelmedium- en parallelskele vereis ’n grondige wetenskaplike ontleding van die taalverskynsel, aangesien die rigting en inhoud van ons volkstrewe tot ’n baie groot mate deur hierdie gangbare opvattinge bepaal word. Alleen deur vas te stel wat die wese van die taal is, kan ons ’n wetenskaplike houding inneem teenoor vraagstukke soos tweetaligheid, dubbelmediumskole en moedertaal-onderwys in Suid-Afrika. In hierdie studie vestig ons slegs die aandag op die hoofpunte wat in verband met hierdie vraagstukke noodwendig in aanmerking geneem moet word. Die volle besonderhede daarvan kan alleen in ’n omvattender verband met betrekking tot ons kultuurstrewe as geheel uitgewerk word.

II.

DIE WESE VAN DIE TAAL.

In die jongste sielkundige ondersoekings vind ons belangrike beskouings oor die taalverskynsel in sy verskillende momente. Stern en Bühler het b.v. die taalontwikkeling van die kind nagegaan en gekom tot die opstelling van die hoof funksies van die taal. Stern onderskei tussen die ekspressiewe, sosiale en intensionele funksies van die taal. Dit kom in hoofsaak ooreen met die funksies van uiting, tevoorskynroeping van reaksies by ander en daarstelling, volgens die omskrywing van Bühler. Die eersgenoemde twee funksies word ook by die dier aangetref, terwyl die funksie van daarstelling of gerig wees op 'n betekenis slegs by die mens aangetref word. Volgens hierdie beskouing is die taal na sy wese 'n simboliese daarstellingsmiddel van voorwerpe en sake en voer dit tot die ontstaan van tekens, letters ens. Deur die toe-ordening van uitdrukkingstekens aan voorwerpe en sake gewin laasgenoemdes 'n nuwe betekenis-dimensie. Die uitinge van die mens, soos Stern dit uitdruk, bedui vir hom iets, is uitdrukkinge van iets wat genoem word, 'n saak wat opgemerk word, 'n vraagstuk wat gestel word.

Genoemde ondersoekers, sowel as ander, het die taalontwikkeling van die kind in besonder nagegaan en verskillende stadia in hierdie ontwikkelingsproses vasgestel. 'n Ander groep van sielkundige ondersoekers het op hul beurt die verhouding van die taal tot psigiese verskynsels soos die denke, die wilsproses en die gemoedsbeweging nagegaan. Ons dink hier onder meer aan die Würzburgskool met Külpe as grondlegger. Ons kom later in hierdie studie op hul bevindings terug.

Die ondersoek na die wese van die taalverskynsel strek hom egter wyer uit as die bloot sielkundige vasstelling van die hoof funksies van die taal en die verhouding van die taal tot bepaalde psigiese verskynsels. Die bekende uitspraak

van Wilhelm van Humboldt dat die taal die uitdrukking van 'n bepaalde „Geistigheid” is, toon dat reeds in 'n ander rigting ook gesoek is na die vasstelling van die wese van die taalfenomeen. Hier verlaat ons die taalsielkundige terrein en vind ons ons op die taal-filosofiese gebied. As voorbeeld in hierdie verband kan ons die ondersoekings van die Fransman Ernst Renan noem, veral om die geskiedkundige posisie wat hy inneem, hoewel meer moderne denkers ons spoediger tot die kern van die saak sal voer.

Renan beskou nie alleen die taal, maar ook die godsdiens as 'n uiting van die volksaard. Om dit duidelik aan te toon, het hy onder meer die Semitiese volksaard noukeurig ontleed. Die realitiese grondtrek van die Semitiese volksaard vind uiting in 'n strak en uitgesproke godsdienstige monoteïsme en word weerspieël in die gebrek aan taaluitdrukkings vir abstrakte verhoudings en in die gebrek aan 'n goed gedifferensieerde sintaksis. Veral die voegwoorde, die logies belangrikste deel van die sintaksis, ontbreek bykans heeltemal en is nie goed onderskei nie. Hoewel die Semitiese volksaard die spekulatiewe idealisme van die Griek mis, is dit daarenteen geneig tot die profetiese en vir die uitdrukking hiervan is de suggestief-emosionele woorde van die Semitiese tale juis uiters geskik.

Die beskouing van Renan dat die taal 'n uitdrukking van die volksaard is, plaas ons onmiddellik voor 'n groot aantal taalfilosofiese vraagstukke. Dit is dan ook in die eerste plek die taak van die wysbegeerte om die vraag na die wese van die taal te beantwoord.

Neem ons die hoogste mate van passiwiteit van die menslike gees as uitgangspunt, dan is die houding van die mens teenoor alles wat hom omring, teenoor die volle werklikheid 'n „swygende” houding, d.i. die menslike gees „swyg” terwyl die werklikheid hom „aanspreek”. Wat die inhoud van hierdie swygende geestesanskouing van die werklikheid is, kan ons nie sê nie, want sodra ons probeer om inhoud daaraan te gee, moet ons van een of ander tegniese middel gebruik maak wat beteken dat ons hierdie passiewe aanskouing van die werklikheid op aktiewe wyse in een of ander vorm opneem en dat die inhoud van die „swygende” aanskouing daarmee verander word. In hierdie

geval spreek die gees die werklikheid aan, want aktiwiteit, spontane ingryping is juis 'n belangrike kenmerk van die menslike gees. Sodra die menslike gees probeer om inhoud te gee aan sy aanskouing van die werklikheid, word daardie aanskouing 'n „sprekende” aanskouing. Eers wanneer die menslike gees die werklikheid aanspreek, dit is, inhoud en vorm daaraan gee, ontstaan die taal.

In die kultuurgeskiedenis toon die menslike gees hom in die eerste plek as 'n vormgewende vermoë. Die gees gee voortdurend vorm aan die werklikheid en bepaal daardeur die inhoud van die werklikheid. In hierdie vormgewende proses ontstaan die taal as 'n uitdrukking van die gees wat terselfdertyd dien as 'n hulpmiddel tot geestelike produktiwiteit. Deur die outonome selfaanwending van die gees en nie deur die aanwending van 'n vreemde, onafhanklik bestaande middel, word vorm gegee aan die volle aanskouing van die werklikheid. Die taal word in hierdie vormgewingsproses van die gees geskep as een van die produkte waarin die inhoud van hierdie vormgewing sy neerslag vind, 'n produk wat terselfdertyd as middel tot verdere geestesproduktiwiteit dien. In die taal reconstrueer die gees die werklikheid volgens en na sy eie aard, eien hy hom die werklikheid toe en kom so tot 'n beheersing van die werklikheid. Die taal druk daarom die aandeel van die gees aan die werklikheid uit.

Behalwe die aktiewe, vormgewende menslike gees het ons ook 'n selfstandige werklikheid, die volle Syn, aangeneem in ons uitgangspunt. In die taal eien die gees hom die werklikheid reconstruerend en aktief toe. Die geestelike taalvorm van die werklikheid moet egter nie opgevat word as 'n getroue afbeelding van die werklikheid soos dit in die aanskouing gegee is nie. Net soos in die handeling word die oorspronklike werklikheid in die aktiewe, „sprekende” aanskouing, d.i. in die taal gewysig. In die taal spreek ons de werklikheid aan, karakteriseer ons die onafhanklik gegewe werklikheid en hierdie karakterisering is afhanklik van ons geestes-aktiwiteit soos dit ook afhanklik is van die werklikheid self. Die werklikheid waaraan 'n taalvorm gegee word, die ding waaraan 'n naam gegee word, word nie daardeur as oorspronklik-gegewene op homself verander nie

maar word wel deur die geestesvormgewing vir die gees self gewysig. In die taal word die werklikheid deur en vir die gees gewysig en dit beteken dat die werklikheid nie in die taal fotografies gereproduseer word nie, maar herskep word.

Die herskepping van die werklikheid, die geestelike wysiging vir homself van die werklikheid in die taal, staan in 'n bepaalde verhouding tot die oorspronklik-gegewe werklikheid, 'n verhouding wat ons „waarheid” noem. Waarheid is gevolglik nie identies met die werklikheid nie, is ook geen getroue of daarmee volkome ooreenstemmende afbeelding daarvan nie, dog word deur ons gees in sy aktiewe staan teenoor die werklikheid geskep — nie op willekeurige wyse nie, daar dit van die grondtendense en gerigtheid van die gees sowel as van die aard en wese van die oorspronklike werklikheid afhanklik is. Hierdie stelling kan vanuit Calvinistiese standpunt dieper fundeer en wyer in al sy aspekte uitgewerk word. Duidelik is egter dat die voorwerp van die waarheid, dit waarop die waarheid ener syds betrokke is, nie deur ons gees geskep word nie, net so min as wat die gees homself kan skep of uit die waarneembare werklikheid kan ontstaan. „Waarheid” is hier nie iets wat absoluut op homself staan nie, maar gegee is in die totale grondbeleving van die gees soos dit in verhouding tot die tydelike en bo-tydelike werklikheid staan. Die gees skep in sy aktiewe gerigtheid op die volle werklikheid in die taal daarom 'n stelsel van „waarhede”, hoe ongedifferensieerd ook al. Op hierdie wyse word die gees in die stelsel van waarhede, wat onder meer in die taal neergelê word, verwerklik net soos die werklikheid in daardie waarheidstelsel vergeestelik word, d.i. 'n geestesvorm aanneem. In die taal tree dus nie 'n ander onafhanklike werklikheid te voorskyn nie, maar die enigste werklikheid in sy geestesvorm. Wat hier beklemtoon moet word, is dat die rekonstruering van die werklikheid in die waarheidstelsel nie 'n bloot intellektuele of teoretiese aktiwiteit van die gees is nie. Die emosionele, strewe- en opnemingsakte van die gees tree hier in onlosmakende eenheid skeppend op. Dit sluit egter nie die oorweging van 'n bepaalde aspek in bepaalde gevalle uit nie. Verder moet onthou word dat die

geestesrekonstruering van die werklikheid 'n voortdurende dinamiese proses is wat nie op 'n bepaalde tydstip in die geestesgeskiedenis van die mens tot 'n einde kom nie.

Waar die werklikheid in die taal 'n geestesvorm as waarheidstelsel aanneem en „waarheid” in hierdie verband dieselfde as werklikheid is, bly die verhouding van die gees tot die werklikheid, soos dit onder meer sy neerslag in die taal vind, egter nie altyd dieselfde nie. Dit beteken dat 'n verwyding tussen werklikheid en waarheid moontlik is. Hierdie moontlikheid is gegee in die verskynsel dat die geestelike vormgewingsproses in die taal voortdurend oorgaan tot 'n formaliseringsproses. Formalisering hou in dat nie meer regstreeks maar wel onregstreeks in die taal oor die werklikheid beskik word. Met ander woorde, die gees staan nie alleen aktief rekonstruerend teenoor die oorspronklike werklikheid nie, maar ook aktief rekonstruerend teenoor die geestesvorm waarin die werklikheid gerekonstrueer is. Die gees besin hom hier oor die waarheidstelsel wat ontstaan het in sy verhouding tot die werklikheid. Die waarheidstelsel in sy taalvorm word vanuit homself uitgebrei, of gewysig deur ontleding, analogie, sillogistiese redenering ens. Dit bring mee dat daar gedurig spannings tussen die oorspronklike werklikheid en die waarheidstelsel na vore tree. Gaan hierdie formaliseringsproses verder, kan die spanning so groot word dat die gees in reaksie tot sy eie skepping ombuig in sy reguitlynige voortgang en terugkeer tot die oeraanskouing van die werklikheid. Dit is nie 'n terugkering, 'n ombuiging in die tyd nie, maar 'n teruggaan tot die diepte, die oorspronklike. So het die gees in die Renesans-periode teruggekeer tot die oorspronklike belewing van die werklikheid as reaksie teen die tot starheid verwerde Middeleeuse waarheidstelsel. Met die voorts kryding van die gees verdwyn die oorspronklike werklikheid dus nie en breek dit dikwels deur die formalisme om hom opnuut te laat geld in die simboliese opbouing van die wêreld. Hierdie deurbreking sou onmoontlik gewees het as die verhouding waarheidstelsel—werklikheid onveranderlik was.

Na die voorafgaande is dit duidelik dat die wesentlike van die taal daarin geleë is dat dit 'n waarheidstelsel as

uitdrukking van die aandeel van die menslike gees aan die werklikheid behels. Hierdie algemene omskrywing moet egter in besonderhede uiteengesit word. Waar die taal na sy wese 'n menslike kennisvorm is, moet ons die taalbevoegdheid as die grondslag van 'n bepaalde manier van kenne aanneem. Onder die taalbevoegdheid verstaan ons veral die bevoegdheid om met behulp van tekens die menslike bewings in hul wydste omvang vas te hou, te verwerk, met ander in verbinding te bring en om op hierdie manier 'n oorsig van die verskynsels te gewin en om die werklikheid los van die tydelike, afsonderlike verskynsels te beheer. Die taalbevoegdheid vind sy aanwending en uitwerking in die denke en praat in taalvorme sowel as in die handeling en voele op grond van die taalaktiwiteit. Die taalbevoegdheid verwerklik hom in die eerste plek in die klanktaal op grondslag waarvan die skrif-, tas- en in die wydste sin die gebaretaal eers moontlik is.

Daar die kennis in en deur die taal aan die taaltokens gebonde is, moet die taal met ander simboliese kennisvorme vergelyk word. Cassirer onderskei in sy „Philosophie der symbolischen Formen” naas die taal-kennisvorm ook die mitologiese kennisvorm, waarin hy die uiting van dieselfde krag sien wat hom in die religieuse, die kuns- en die wetenskaplike kenne uit. Hoewel die mitiese denke afsien van die logies-wetenskaplike vorm van verbinding en duiding, mag die verbondenheid daarvan met die taal nie veronagzaam word nie. „Dat taal en mite in die allerengste verbinding staan, dat geen mitiese gedagte sonder die simbolies-interpreterende hulp van die woord kan ontstaan en bestaan nie, behoort tot die oudste gemeenplase van die godsdienshistoriese navorsing” (L. Meckensen: Name und Mythos). Aan die kunskenne ontbreek boweal die maatskaplike, aan die oorlewering gebonde moment soos by ander kennisvorme. Daar bestaan wel kunsrigtinge en kuns-skole maar in die kunswerk vind ons 'n uitgesproke persoonlike prestasie. Die inhoude van die kunsskeppinge gaan wel altyd eers deur die ander kennisvorme, dog kry in die oomblik van die kunsvisie 'n heeltemal nuwe stempel wat hom in die verloop van die vormaanneming en in die stryd met die stof moet deursit. Die moeilikste is egter om die

onderskeid tussen die taalkenne en die wetenskaplike kenne na sy wese aan te dui. Alle wetenskaplike kennis moet in die taalvorm en met taalmiddele gewin word — ook die afgekorte tekens van die formele wetenskaplike taal dra 'n taal-grondkarakter. Cassirer beweer dan: „Die wetenskap ontstaan in 'n vorm van betragting wat, voordat dit kan begin en hom kan deursit, orals gedwonge is om aan die eerste onderskeidings en verbindings van die denke wat in die taal en in die algemene begrippe van die taal hul eerste uitdrukking en neerslag gevind het, aan te knoop”. Die wetenskap bou dan verder voort op die meer intellektuele aspek van die taal. Hieruit kan Cassirer se opmerking verstaan word dat die kritiek van die taal en van die taaldenkform 'n integreerende voorraad van die voortdringende wetenskaplike en filosofiese denke is. Hierdie taalkritiek mag nie uit 'n opsyskuiwing of veronagsaming van die taal bestaan nie, maar wel daarin bestaan dat in die wetenskaplike kennis steeds die taalveronderstelling daarvan, die gebondenheid daarvan aan die taal met al die verskynsels wat daarop volg, in aanmerking geneem word. Ook die wetenskap is 'n onmiddellike uitwerking van die taalbevoegdheid van die mens — dit is nie altyd moontlik om 'n skeidslyn te trek tussen taalwete en wetenskap nie. Die uitdrukking van gemoedstoestand, die kuns en welig ook die mitologiese kenne, is sonder taal moontlik, d.i. geskied as geestesvorming van die werklikheid nie in en deur die taal nie, die wetenskaplike kenne egter verloop altyd in en deur die taal. In hierdie verband kan die volgende uitspraak van Hans Freyer aangehaal word: „Die wêreldgeskiedenis bestaan daarin dat die trappe van die gees as voltooides vaste wêrelde, as werke, as kulture in die werklikheid gestel word. Die taal is egter nie 'n sodanige werk naas ander werke nie. Die taal is, soos Hegel dit uitdruk, die daad van die teoretiese denke in die eintlike sin, die uiterste uiting daarvan. Dit beteken, daarin skeep die gees nog nie as intelligensie nie, maar daarin maak die gees hom eers tot intelligensie, daarin word dit allereers histories-bevoeg, naamlik vernuf-bevoeg. Die taal is dus, hoe kunsryk en sinvol dit in die nabetragting ookal skyn, geen wêreldhistoriese werk van die gees, geen lid van die kultuur nie; die taal is voorhisto-

ries, bohystories. Dit is die oorsprong van die gees of in elk geval met die oorsprong van die gees eng verbonde". (Sprache und Kultur, in Erziehung III, 1927, bls. 68).

Uit die voorafgaande kan ons ten minste met sekerheid aflei dat die uitwerkinge van die taalbevoegdheid die menslike denke en doen in ieder opsig beslissend beïnvloed. Dit lê in die wese van die taal dat dit die verskynsel nie onmiddellik vat en teken nie, dog dit slegs begripsmatig kan vorm en verwerk. Hoe verder die taal hom ontwikkel, hoe meer verwyder hy hom van die afsonderlike verskynsels. Met die toenemende wydte van die oorsig, met die bemeestering van steeds grotere samehange, verdwyn die lewensnabyheid meer en meer. In die taal kry die verskynsels eers betekenis vir ons, dog waar die taal 'n keuse uit die werklikheid is en 'n aantal eienskappe van die verskynsels prysgee, gaan die aanskouingswêreld voortdurend oor in 'n hoër en terselfdertyd armer kenniswêreld. Dit is juis die strewe na eenheid, die eenheidstendens van die gees wat tot verarming van die aanskouing voer. Hoe afgeronder die waarheidstelsel word, hoe hoër die ordening onder eenhede word — abstrahering dus — hoe armer word dit. Die gees kan immers die werklikheid alleen dan in geheel beheer wanneer dit tot 'n eenheid omgeskep is. Uit hoofde hiervan kan die taalkenne, selfs in sy mees intellektuele wetenskaplike vorm, nie sonder meer altyd aanspraak maak op waarheid en algemeen-geldigheid nie.

Ons het met die mees abstrakte hoewel mees werklike verskyningsvorm van die taal begin. In die volgende paragrafe sal hierdie verskyningsvorm meer aan konkreetheid en empiriese belegging en terselfdertyd aan volledigheid wen.

III.

VOLK EN TAAL.

Ons het die wese van die taal omskryf as 'n vorm waarin die gees die werklikheid rekonstruerend opneem. Hierdie vorm het ons 'n waarheidstelsel of kennisvorm genoem. Begin ons met die taalvorm, word ons onmiddellik getref deur die feit dat 'n groot aantal van mekaar in wesentlike aspekte verskillende taalvorms of waarheidstelsels bestaan. Van belang is daarom dat die menslike gees ten spyte van die eenheid van grondtendense en gerigthede in verskillende tydperke en in die beliggaming deur verskillende geestesgemenskappe verskillend produserend en skeppend werk teenoor die oorspronklike gegewe werklikheid en in die tweede plek dat die oorspronklik-gegewe werklikheid vir verskillende mensegroepe as geestesgemeenskappe nie dieselfde is nie. Met die taal as uitgangspunt kom ons hier te staan voor die feit dat die menslike gees in sy verhouding tot die werklikheid nie een algemene waarheidstelsel wat in 'n algemene taal geskep word, voortbring nie. Aangesien die term „waarheidstelsel” te veel 'n bewuste intellektuele karakter suggereer, gebruik ons voortaan, om hierdie misverstand te voorkom, in die plek daarvan die term wêreldbeeld wat weer dié nadeel inhoud dat dit die taalvorm waarin die werklikheid 'n bepaalde vorm aanneem, letterlik aandui as 'n „afbeelding van die wêreld”, iets wat ons juis weêrlê het. Nietemin dien hierdie omskrywing ons doel op die oomblik beter omdat daardeur die ongeskeie totale inhoud van 'n bepaalde geestelike vormgewing van die werklikheid beklemtoon word.

Die wêreldbeeld, wat 'n nog weinig gedifferensieerde totaliteit daarstel, is na sy wese 'n geloofstelsel, geloof in die betekenis van die totale geestesaktiwiteit en nie oorwegende intellektuele aktiwiteit teenoor die volle werklikheid soos dit as geheel beleef word. Die wêreldbeeld as ongedifferensieerde geloofstelsel maak die grondslag uit van wat ons lewens- en wêreldbeskouing noem, dog laasgenoemde

dra reeds die karakter van bewuste ordening van die hoof-tendense en inhoude van die ongedifferensieerde rekonstruering van die oeraanskouing soos dit in die taalvorm vasgelê is. Mening of opinie is die nuwe individuele formulering en vertolking van die wêreldbeeld soos dit in die taalaanwerwing toegeëien is. In die wysbegeerte het ons te doen met die logies-deurdagte en konsekwent geformuleerde wêreldbeelde en lewensbeskouinge.

Die verskillende wêreldbeelde wat in die verskillende taalvorms ontstaan en tot uiting kom, is die produkte van die taalbevoegdheid van die mens. „'n Elementêre maar essensiële insig in die struktuur van die taal as middel van uiting en verstandhouding, in die taal as wêreldbeeld, as wêreldinterpretasie, hoe beskeie ook al, mag nie ontbreek nie”. (Langeveld: *Taal en Denken*, bls. 34). Deur en in die taal „is 'n bepaalde manier om die wêreld en sy verskynings te sien, neergelê en ons kan dus sê dat 'n taal in sy innerlike vorm 'n bepaalde wêreldopvatting berg.” (Weisgerber: *Muttersprache und Geistesbildung*, bls. 86).

Die ander kant van hierdie saak is dat die menslike gees in sy beliggaming deur verskillende mensegroepe as geestesgemeenskappe eers die verskillende wêreldbeelde skep. Die geestesgemeenskaplike skeppers en draers van die wêreldbeelde wat in die verskillende tale ontstaan en voortdurend vaster vorme aanneem, noem ons volke. 'n Volk is 'n geestesgemeenskap wat tot 'n groot mate op eenheid van raseienskappe, geopolitiese omstandighede en historiese kontinuïteit berus. 'n Volk ontstaan in die afsonderlike vormgewing aan sy werklikheid, in die skepping van 'n eie taal as inhoud van daardie vormgewing, d.i. in die skepping van 'n eie wêreldbeeld. Die taalvorm dien dan terselfdertyd as middel in die geestesaktiwiteit van die volk. In hierdie sin is die taal as wêreldbeeld die gemeensame kultuurbesit en kultuurproduserende tegniek van 'n volk. Die taalvorm en die volk as skeppende draer daarvan kan nie sonder mekaar ontstaan en ontwikkel nie, dog kan nie met mekaar vereenselwig word nie. Die intieme verhouding van volk en taal kan miskien die maklikste vanuit die taalverandering benader word. Taalverandering is nie in die eerste plek of in hoofsaak klankverandering nie, maar 'n inhoudsverande-

ring in daardie bepaalde wêreldbeeld, met ander woorde 'n verandering van taalinhoude wat sy grond vind in 'n verandering in die verhouding van die volksgees tot 'n bepaalde gebied van die werklikheid, 'n verandering in die gerigtheid van die volksgees en van dit wat vir die volk as werklikheid geld in onlosmakelike wisselwerkende eenheid. Dat die taalinhoude as denkvorme vir bepaalde lewensgebiede verander, beteken dat die draers van 'n taal dit wat hulle in die taal vind, verder voer, dat hulle hul ervarings, alles wat vir hulle as belangrik voorkom, in die taal neerlê. 'n Reeks van veranderinge in die familieverhoudings voer b.v. tot 'n omvorming van die familie-aanspreekvorme. „In die taal is neergelê alles wat in die poging om die wêreld te bemeester, as belangrik en bruikbaar voorgekom het. Wanneer ons van die taal as die geheue van 'n volk praat, vind dit sy grond daarin dat van die arbeid van vroeëre tye alleen dit wat in die taal neergelê is, ons vandag bereik en omgekeerd, dat wanneer ons vandag in ons moedertaal opgroei, die ervarings van lange eeue vir ons ontsluit word”. (Weisgerber, a.w., bls. 99). Vir elke volk is in sy moedertaal sy eie wêreldopvatting neergelê soos dit in sy lot as roeping, sy geografiese en historiese omstandighede, sy geestelike en uiterlike voorwaardes vorm aangeneem het. Die volle inhoud van 'n volk se wêreldbeeld word bepaal deur die grondtendense en gerigthede van die volksgees in sy verhouding tot die lewensomstandighede van die volk. Net so min as wat die innerlike en uiterlike faktore in konvergensie in die volksbestaan vir twee verskillende volke dieselfde kan wees, net so min kan die wêreldbeeld wat daaruit ontstaan en waarin die volk groei vir twee verskillende volke dieselfde wees.

'n Enger betrekking as tussen 'n volk en sy taal is moeilik te vind. Die volksgees in sy beliggaming as volksaard bepaal aan die een kant die inhoude van die moedertaal soos omgekeerd die taal 'n onberekenbare invloed op die volksgees uitoefen. Volk en taal is geen parallelle verskynsels nie, maar 'n wisselwerkende verhouding. Die innige verbondenheid van volk en taal kom op veelvuldige wyse tot uitdrukking, veral in die stryd van 'n volk om sy taal teen aanslae van buite te handhaaf. Met die besinning

op die gemeensame moedertaal groei die saamhorigheidsgevoel, groei die wens om as geesteseenheid saam te staan en saam te werk. Die taal is voorwaar die belangrikste hoewel nie die enigste kenmerk van 'n volk. Die taal is een van die belangrikste kragte wat 'n gemeenskap moontlik maak en dra. Die taalgemeenskap is 'n onontbeerlike voorwaarde vir alle ander vorme van gemeenskap omdat dit 'n gemeensame wêreldopvatting as grondslag vir weersydse begryping inhou. Die lede van 'n taalgemeenskap staan nader aan mekaar as die lede van enige ander gemeenskap, omdat hulle daaraan lotsmatig met mekaar en met hul taal verbonde is.

As kultuurbesit van 'n gemeenskap kan die taal ook vergelyk word met ander kultuurgoedere soos die regstelsel, die staatstelsel, die sedes, die onderwysstelsel ens. Hierdie kultuurgoedere is sosiale objektiewe komplekse wat die gemeensame besit van 'n groep is. Die taal is egter die mees algemene, omvattende sosiale objektiewe kompleks wat deur 'n gemeenskap van mense gedra word. In hierdie sin differensieer die ander kultuurgoedere uit die taal as wêreldbeeld van die volk, ontstaan dit eers op grondslag van die wêreldbeeld van 'n volk soos dit in die taal vorm aanneem. Die taal word weliswaar slegs in die taalorganisme van die enkeling beliggaam, dog kan deur geen enkele draer in sy geheel verwerklik word nie. Die taal is ook nie aan die enkeling as sodanig verbonde nie — 'n groot aantal lede van 'n taalgemeenskap kan wegval sonder dat die gemeensame besit van die taalgemeenskap daardeur benadeel word. Die kultuurgoed taal bestaan nie as 'n dinglike realiteit buite die taalgemeenskap nie, maar as 'n werklikheid in die geheel en daarmee bo die enkelinge. Die taal staan daarom in 'n bepaalde sin as 'n selfstandige mag teenoor die gemeenskap as die draer daarvan en in hierdie sin dank die gemeenskap sy eenheid aan die gemeensame taal.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die taal nie in hoofsaak of selfs in die eerste plek bloot weersydse begryping bewerkstellig nie. Verstaanbaarmaking vind ons slegs waar gelyke of nouverwante geestesinhoudes deur dieselfde tekens uitdrukking vind, d.i. opgevat word. Verstaanbaarmaking deur middel van klanktekens veronderstel

'n gelyksoortigheid van klanktekens en die daaraan verbonde geestesinhoud. Hierdie gelyksoortigheid word bewerkstellig deur die gemeensame aandeel van 'n groep van persone aan die moedertaal. Dit beteken dat die deelnemers aan die taal die inhoud wat aan hulle voorlê, op gelyke wyse moet besit. Hierdie gelyksoortigheid van geestesinhoud word net soos die van die klanktekens deur die taal bemiddel en wel deur die taal as gemeensame wêreldbeeld wat 'n gelykheid van opvatting behels. Wat die moedertaal daarom veral bewerkstellig is die gelyksoortigheid van opvatting vir die lede van 'n taalgemeenskap. Dit sal ons later met betrekking tot die denke nader toelig.

Tale verskil nie bloot van mekaar met betrekking tot die verskillende klanktekens nie — dan sou die handhawing van 'n taal onsin gewees het — maar veral met betrekking tot die inhoud daarvan. Iemand wat 'n vertaling moet doen, weet dit. „Die gangbare uitdrukkings wat gewoonlik as vertalings van vreemde woorde geld en in woordeboeke opgehoop lê, gee in die meeste gevalle nie eers begripsgelyke dog slegs sinverwante woorde weer”. (K. Erdmann: Die Bedeutung des Wortes). Tale onderskei hulle na hul inhoud wat die wesentlike van die taal uitmaak. Dit is nie in die eerste plek toe te skrywe aan 'n verskil in lewensomstandighede nie, maar aan 'n diepere verskil van geestesinstelling teenoor daardie lewensomstandighede. In baie tale gaan die telwoorde nie hoër as 3 of 5 nie en by anler tref ons die eienaardige verskynsel dat verskillende getalreekse vir verskillende voorwerpe gebruik word. So tref ons b.v. volgens Cassirer in Indiërtale afsonderlike getalreekse vir lewende wesens, vir dooie dinge en verder vir afsonderlike lewende wesens soos visse ens., vir staande dinge, vir voorwerpe wat lê ens. aan. In ander tale vind ons weer honderde woorde vir 'n voorwerp wat ons met een woord aandui. In die Noord-Amerikaanse inboorlingtale kry ons dertien woorde vir was — waar die was betrekking het op die voete, die hande, die klere, vleis ens. word dit met afsonderlike woorde aangedui. Wat ons begripmatig saamvat, staan in hierdie gevalle geskeie naas mekaar en ons skei weer wat in ander tale saamgevat word. Soortgelyke verskille vind ons in die sintaksis van verskillende tale. Dit alles beteken

dat die inhoud van die tale van verskillende gemeenskappe van mekaar verskil, al gaan dit selfs oor dieselfde natuurgebeure of voorwerp. Waar die Duitse spreker gedurig deur sy taal gedwing word om te skei en uitmekaar te hou, word die Fransman deur sy taal gedwing om af te rond en saam te vat. Die grond hiervan is die wesentlike verskil in die geestesrekonstruering van die werklikheid, van die wêreldbeelde, van die tale as maatskaplike kennisvorme.

Behalwe die wesentlike verskille tussen verskillende tale moet ook gewys word op die verskynsel van taalverwantskap. Dit is 'n kenmerk van die menslike tale dat die een nie absoluut vreemd naas die ander staan nie, maar dat 'n groot aantal tale as lede van 'n taalfamilie verwant aan mekaar is en dat hulle daarom tot 'n sekere mate op 'n gemeensame grondtaal teruggaan. Op hierdie manier is al die Germaanse tale — Duits, Engels, Nederlands, Sweeds, Afrikaans ens. — verwant aan mekaar. Die Germaanse tale vorm verder weer 'n eenheid met die Italiaanse, Keltiese, Slawiese e.a. tale binne die Indo-germaanse taalfamilie. Dit beteken dat ons 'n sekere mate van inhoudsooreenstemming in die verskillende wêreldbeelde wat in die tale neergelê is, sal aantref.

Die feite van taalverskeidenheid en taalverwantskap moet teruggevoer word tot die grondverhouding van gees en werklikheid. Die feit dat daar net soveel wêreldbeelde as moedertale bestaan en dat elke wêreldbeeld vir die volks-gemeenskap as draer daarvan 'n waarheidstelsel is, voer ons nie noodwendig tot 'n onbepaalde relativisme nie. Deur vroeër die term waarheidstelsel deur die begrip wêreldbeeld te vervang, het ons beklemtoon dat die rekonstruering van die werklikheid deur 'n bepaalde geestesgemeenskap nie verwar moet word met 'n logies-geformuleerde waarheidstelsel nie. Daar bestaan wel net soveel wêreldbeelde as moedertale, maar nie 'n ewe groot aantal logiese waarheidstelsels nie. So verbrokkeld en uitmekaar geskeur is die menslike gees voorwaar nie. Wysgerige waarheidstelsels, wat nooit absoluut los van wêreldbeelde opgebou word en wat eksplisiet op grond van enkele postulate wat in 'n bepaalde wêreldbeeld teruggevind word, konsekwent deurdag en logies-geformuleerd deur die intellek uitgewerk word, is

van 'n beperkte getal. Die grondpostulate, die inhoud sowel as die verskillende betrekkinge daartussen, put die logies-uitgewerkte waarheidstelsel uit die ongedifferensieerde wêreldbeeld van 'n bepaalde volk as draer en skepper daarvan of uit verskillende wêreldbeelde wat in wese verwant is of selfs teenstrydig met mekaar is.

Vir die doel van hierdie uiteensetting is dit genoegsaam om die grondtendense en inhoude van die ryke verskeidenheid van wêreldbeelde kontrasterend tot net twee hooftypes terug te voer: nl. 'n empiristiese en nie-empiristiese. Hierdie onderskeiding slaan veral op verskillende geneigdihede in die menslike gees ten opsigte van die werklikheid. Wanneer die gees empiristies gerig is, word dit in die eerste plek betrek op die sintuiglik-ervaarbare werklikheid en die res van die werklikheid word dan daaronder georden. Hierteenoor staan dan die nie-empiristiese geestesinstelling wat ook op die nie-sintuiglik-ervaarbare verskynsels, d.i. die bo-sinlike en bo-indiwiduele verskynsels, as selfstandige momente van die werklikheid betrek is. Sodra ons te staan kom voor die verhouding van die volle werklikheid tot 'n bo-tydelike beginsel en die verhouding van die sintuiglik-ervaarbare tot die nie-sintuiglike-ervaarbare verskynsels binne dieselfde volle werklikheid, kry ons te doen met verdere onderskeidings met betrekking tot die instelling van die menslike gees teenoor alles wat hom omring. Daarby hoef ons hier nie stil te staan nie.

Die verskil in wêreldbeelde is nie net afhanklik van die feit dat die lewensomstandighede van verskillende volke nooit dieselfde is nie, maar veral van die feit dat die geestesinstelling van verskillende volksgemeenskappe teenoor hul werklikheid verskillend van aard is. In die geestesaktiwiteit van elke volksgemeenskap is beide 'n empiristiese en nie-empiristiese moment aanwesig, terwyl een van genoemde momente oorweeg en in samehang met die ander moment in 'n bepaalde verhouding teenoor die sinlike, bo-sinlike en bo-tydelike werklikheid te staan kom. Op hierdie wyse verskil die geesteshouding van alle volke teenoor hul lewensomstandighede van mekaar. Net soos die werklikheid uiteindelik één is en die verskillende volksomstandighede verskillende momente daarin verteenwoordig, so ook is

die gees uiteindelik één en vorm die verskillende volksgemeenskappe besondere beliggamings daarvan. Deur die inhoudsverskille van die verskillende wêreldbeelde op hierdie manier te fundeer, het ons terselfdertyd die grondslag van die taalverskeidenheid en taalverwantskap aangegee en 'n onbeperkte relativisme vrygeloop. Die bepaalde aard van die geestesinstelling van 'n volk ontdek ons dan eers in sy volle draagwydte wanneer die wêreldbeeld wat daarop ontstaan het op al die lewensgebiede van die volk tot vaste vorms uitgegroeï het, soos in die wysbegeerte, die wetenskap, die staat en regstelsel, die onderwys, die ekonomie, die sedes en die godsdienste.

Ons taak is tans om die verhouding van die enkeling tot sy moedertaal na te gaan. Dit is 'n verdere stap om die voorafgaande bepaling van die wese van die taalverskynsel in alle besonderhede uit te werk.

IV.

INDIWIDU EN MOEDERTAAL.

Die enkeling herskep die werklikheid vir homself deur aktief die taalvorm van die gemeenskap waarvan hy lid is, aan te werf. Die enkeling is altyd lid van 'n geestesgemeenskap wat terselfdertyd 'n taalgemeenskap is. Deur die aktiewe verowering van die gemeenskaplike taal, die moedertaal, eien die enkeling hom terselfdertyd die gemeenskaplike wêreldbeeld toe. Geen enkeling het sy eie taal nie en van 'n indiwiduele rekonstruering van die werklikheid is hier slegs in relatiewe sin sprake, nl. in die sin dat alle indiwidue die moedertaal nie op dieselfde wyse en in dieselfde omvang aanwerf nie. Die enkeling werf alleen dit aan, aanskou slegs dit wat in die taal as wêreldbeeld neergelê is. Op hierdie grondslag kan hy wel die geestelike besit van sy volk verder ontwikkel en verryk, dog daarsonder kan hy niks bydra nie. Van die woordelose aanskouing wat omvangryker is as die toegeënde aanskouing, maak die enkeling alleen dit sy eie wat reeds in die wêreldbeeld van sy volk tot uiting in taalsimbole gekom het. Dit is, soos ons reeds gesien het, die grondslag waarop die gelyksoortigheid van opvatting vir die lede van 'n taalgemeenskap moontlik is. Die taalmiddele waardeur hierdie gelyksoortigheid bereik word, is die woordeskat en die sintaktiese vorme. 'n Bepaalde woordeskat, die eenheid van name en begrippe, en 'n bepaalde geheel van sintaktiese middele, die relasiesisteem waartoe fleksievorme, sinskema's ens. behoort, kom eers in die taal as kultuurbesit bestaan en werklikheid toe, terwyl die enkeling sy taalbesit in al hierdie aspekte uit die moedertaal aanwerf.

'n Bepaalde woordeskat bestaan in die taal as gemeensame besit van 'n taalgemeenskap in die sin dat elke lid daarvan 'n aandeel aan die woordeskat het sonder om dit in die geheel te beheers en dat die woordeskat in die taalorganisme van die enkeling in al sy dele deur die geheel-

woordeskat van die gemeenskap bepaal word. Waar die woordeskat 'n taalmiddel is waardeur die enkeling hom die wêreldbeeld van sy volk toeëien, kom dit bo-persoonlike werklikheid toe. Hierin vind die woorde hul omgrensing en hieruit word dit deur die enkeling oorgeneem. In die taalorganisme van die enkeling is hierdie woordinhoude verwerklikinge van die bo-persoonlike kultuurbesit. Dit is slegs 'n stappie verder om aan te toon dat alle logies-wetenskaplike inhoude ewe-eens bestanddele van die taal is. Die logiese begrippe is slegs in die kultuurgoed „taal” werklik en vind in die woordstelsel van die taal hul omgrensing en bepaaldheid.

Ook die sintaktiese middele waardeur die enkeling hom die wêreldbeeld van sy volk toeëien, is 'n werklike bestanddeel van die taal as kultuurgoed. Alle kategorieë van die betrekkingssisteem, die kasus- en preposisiesisteem by die nomen, die tempus-, modus-, persoons- en vervoegings-sisteem by die verbum ens., moet op dieselfde wyse as die woordstelsel bo-persoonlike gelding toegeskryf word. Dieselfde geld vir die sinkemas. Dat alle lede van dieselfde taalgemeenskap op dieselfde wyse sinne vorm, moet ons toeskryf aan die feit dat hierdie sinkema's as bestanddele van die kultuurgoed „taal” bo-persoonlike gelding besit.

Ons moet tans nagaan hoe die wêreldbeeld van 'n volk deur middel van die woordeskat en sintaksis wat slegs in daardie wêreldbeeld bestaan toekom, in die individuele taalorganisme verwerklik word. Die taal as taalorganisme omvat dan die praat, die sintuiglik-waarneembare verskyningsvorm van die taal, as die algemene aanwending van taalmiddele sowel as die taalbesit van die enkeling wat die nodige uitingsmiddele vir die praat gereed stel. Wanneer iemand iets in taal wil uitdruk, tree die taalorganisme in werking en verskaf die nodige woorde en sintaktiese vorme. Dit slaan egter net op die uiterlike werking van die taalorganisme, want die eintlike werking daarvan is die gereedstelling van begrippe, waaronder die afsonderlike voorstellings van verskynsels ingeorden word. „Die besit van 'n bepaalde woordeskat lewer die mens nie slegs die nodige benaminge vir dinge en geestesinhoude nie; die begripsmatige opvatting van dinge, die voorhande-wees van hierdie

inhoude staan veeleer in die allerengste betrekking tot die voorhande-wees van die benaminge. Naam en begrip is twee sye van dieselfde besit, nl. van die woord". (Weisgerber, a.w., bls. 18). Die indiwiduele taalorganisme omvat verder die sintaktiese middele, waaronder die sinkema's wat die mens in staat stel om verskeie sinsoorte en vorme te bou. Deur die skema's veral reik die taalorganisme heen in die denke. Die sintaktiese bestanddeel van die taalorganisme dien nie slegs die uitdrukking van die denke in die praat nie, maar is vorme waarin en waarmee die gedagte hom ontwikkel en helderheid verkry.

Die voorafgaande beskouinge word verder verdiep as ons die verhouding van die taal tot die denke nagaan. Algemeen word erken dat die taalaktiwiteit tot die gebied van die denkarbeid behoort. Volgens B. Erdmann (Logik I) is alle bewuste denke 'n taalgeformuleerde denke en vir J. Geysler (Grundlegung der Logik und Erkenntnistheorie) is die taal die onafskeidbare begeleider van alle menslike denkte. A. Drews (Lehrbuch der Logik) druk die verhouding as volg uit: Probeer om stil te dink sonder om jou van woorde, hoe onbepaald, vaag en afgeskeie ook al, te bedien, en jy sal vind dat jy met jou denke in die leegheid sink. Met ander woorde, tussen die besit van taal-benaminge en die besit van begrippe bestaan 'n buitengewone enge samehang. Die besit van begrippe is nie iets vanselfsprekends wat in die objektiewe werklikheid of in die geestelike aanleg van die mens gegee is nie. Die begripsmatige beheersing van indrukke en voorstellings wat die mens opneem, is die gevolg van 'n geestesontwikkeling wat oor jare verloop en 'n deelstuk van die taalaanwerwing uitmaak. Wanneer ons beweer dat die mens in onderskeid met die dier hom denkend bo die oombliklike indruk kan verhef en daarmee 'n oorsig oor die verskynsels kan verkry, moet ons daaraan toevoeg dat hierdie prestasie tot 'n baie groot mate onafskeidelik aan die taal verbonde is. Met die behulp van taaltekens behoef die kleur van die koringblommetjie nie 'n voorwerpsgebonde indruk te bly nie, maar kan dit die verteenwoordiger van die begrip blou word.

Met die taaltekens, en nie afsonderlik daarvan nie, ontwikkel die daaraan beantwoordende begrippe. Vir die primi-

tiewe denke gee die kennis van name mag oor die voorwerp en daarom moet die naam geheim gehou word, m.a.w., waar die kennis van 'n naam geestesmag oor begripsmatige beheersing van die voorwerp gee, word dit as iets magies opgevat. Deur middel van die taaltkens ontwikkel die voorwerpsgebonde aanskouing tot 'n begripsmatige oorsig. Die uitgroeiing bo die sinlike, voorwerpsgebonde beleving is onafskeibaar verbind met die taaltkens. „Dit skyn my deur die huidige ondersoekinge vasgestel dat die begrippe nie as 't ware voor die taal in die innerlike gevorm word en dan in woordomhulsels binnesluip nie, maar dat die begrippe hulle met en aan die woordklanke langsaam en moeisam ontwikkel”. (B. Delbrück: Einleitung in das Sprachstadium). Die begrippe ontwikkel altyd aan en met die taalbenaminge — waar die taaltken ontbreek, ontbreek ook die begrip. Die fout wat gewoonlik gemaak word, is dat die „woord” gelykgestel word met die klankteken en dat onder die „betekenis” van 'n woord bloot die verbinding van hierdie taaltken (naam) met 'n psigiese inhoud van onbepaalde herkoms verstaan word. (Weisgerber, a.w.) Hierteenoor moet ons vasstel dat eers die kennis van 'n klankteken saam met die besit van die daartoe behorende begrip diewoord uitmaak. Die woord is nie 'n klankteken met 'n blote betekenisfunksie nie, maar is 'n eenheid wat twee kante vertoon, 'n klanklike wat ons naam noem en 'n inhoudskant wat ons begrip noem. Wanneer ek 'n voorwerp noem, is dit nie bloot die aanwending van 'n naam op 'n bepaalde voorwerp nie, maar is dit die gebruik van 'n woord, d.i. met behulp van die tot die klankteken behorende begrip is die voorwerp begripsmatig gevat en kan dit nou met die klankteken wat hierdie begrip toekom, genoem word. Nie net die klankteken is 'n bestanddeel van die woordeskat nie, maar ook die getekende, die genoemde, nl. die begrippe. Naam en begrip maak in onlosmakende eenheid die woordeskat as geestesbesit, as middel tot uiting van die inhoud van 'n bepaalde wêreldbeeld uit.

Die voorafgaande uiteensetting van die verhouding van taal en denke kan verder verdiep word deur die denksielkundige teorie van die bewussynslae. In die denkproses is verskillende samehangende lae ontdek. Op die onderste laag

van die bewussynsverdiepings word die oorspronklike aanskoulike voorstellings voltrek, terwyl alle relasiebesef op die agtergrond bly. Op hierdie laag rus 'n tweede, reeds minder aanskoulike laag, waarin voorstellings van die onderste laag met mekaar in betrekking gebring word en ten dele verwerk word. In die hoogste laag tree die aanskoulike element nog meer op die agtergrond. Hier kry ons die betekenis-relasies, onder andere die begrippe. Namate die intellektuele karakter suiwerder bereik word, neem die aandeel van die aanskoulike prosesse eweredig af. Frohn (Untersuchungen über das Denken von Taubstummen, Arch. ges. Psych., 55, 1926) het b.v. aangetoon dat die denke van die doofstomme hoofsaaklik op die onderste bewussynslaag verloop. Eers met die gebruik van die woord word die ontstaan van uiteenlopende voorstellings bevorder en die mag van die konkrete, individuele voorstelling gebreek. „Die kind wat buite die verkeer van die taal moet opgroei, ontbeer hierdie hulp volkome en bly verwyl in die kring en op die niveau van die individuele voorstelling”. (Langeveld, a.w.) Sonder behulp van die taal kan die mens nie sy voorstellings begripsmatig orden nie, kan hy nie teenoor die individuele voorstellings tot onaanskoulike, algemene begrippe kom nie.

Tot dusver het ons die werking van die woordeskat as bestanddeel van die taalorganisme van die enkeling nagegaan. Op dieselfde wyse moet ons nagaan wat die werking van die sintaktiese bestanddele van die taalorganisme is. Dat in baie gevalle die denke hom eers met behulp van die sinkema's uitwerk, is algemeen bekend. Hierdie skema's werk dan determinerend in die denke, d.i. besit 'n anti-sipiërende mag. In baie gevalle loop die sinkema die gedagte-inhoud vooruit. Selz het proefondervindelik vasgestel dat by die taak om gegewe woorde te definieer, die taalformulering van die definisie reeds kan begin voordat iets van die eintlike gedagte-inhoud van die sin vasstaan. Een proefpersoon wat „werktuig” moes definieer, deel mee dat hy dadelik begin het met „werktuig is . . .” maar nie verder kon kom nie, omdat die nodige woord ontbreek het. (Selz: Zur Psychologie des produktiven Denkens und des Irrtums). Selz kom dan tot die slotsom dat sekere algemene

karakteristieke van die gedagte-inhoud wat nog besig is om te ontstaan en in die doelbewussyn geantisipieer word, reeds aan 'n bepaalde sinskema toegeorden is wat in die eerste plek geaktualiseer moet word en die verdere verloop van die denke mee-bepaal. Langeveld omskryf hierdie verhouding as volg: Die reeds in taal vasgelegde formulering bepaal ener syds die rigting waarin die gedagte hom sal ontwikkel, maar omgekeerd het elke etappe van die vorming van die begrip sekere formuleringprosesse tot gevolg.

Dit is tans duidelik dat taalaanwerwing deur die enkeling terselfdertyd denkontwikkeling beteken en wel deur middel van die begrippe en sintaktiese middele wat hul bestaan in die moedertaal as wêreldbeeld vind. Daarom kon Rohr-Schmidt (Muttersprache) na 'n ontleding van 'n massa materiaal vasstel „dat verskillende tale noodwendig tot verskillende denke voer, tot 'n verskeidenheid van wêreldaanskouing”. Verder verneem ons van hom dat geen twee begrippe van verskeie tale mekaar na hul wese volkome dek nie. Taal as wêreldbeeld en denke as intellektuele proses kan nooit absoluut van mekaar geskei word nie. Die denke, ook die wetenskaplike en wysgerige denke, stroom vooruit „in die bedding van die taalvorme” (Langeveld, a.w.) Die denkende mens is altyd lid van 'n taalgemeenskap en daarmee draer van 'n nasionale lewensbeskouing.

Daar is baie denkers, nl. die empiriste, wat die bestaan van die taal as wêreldbeeld ontken. Die empiriste beskou die taal as wêreldbeeld, en nog meer die taal as algemeen-menslike beginsel in die sin van die taalbevoegdheid, as blote abstraksies wat geen werklikheid toekom nie. Immers hierdie wesentlike verskyningsvorme van die taal is nie sintuiglik ervaarbaar nie, en daarom vir hulle nie reël nie. Volgens die empirisme wat slegs die sintuiglik-waarneembare as werklik, eintlik as reël, beskou, is alleen die taal as spreektaal, as praat iets werkliks. Selfs die taal as taalorganisme, as die besit van die enkeling, word as 'n onreële abstraksie opgevat, aangesien dit buite die sintuiglik-waarneembare werklikheid val. Om dit egter te red is meermale gepoog om die taalorganisme van die enkeling êrens in die breinkors te fundeer. Die nie-empirisme stel in die plek van die empiristiese reële die meer omvattende begrip van die

werklike. Die werklikheid omvat nie slegs die sintuiglik-waarneembare nie, maar ook die nie-sintuiglik waarneembare, d.i. alles wat as werkingsdraer erken word. Volgens die nie-empirisme is die taal as sintuiglik-waarneembare taaluiting, d.i. as praat 'n verbygaande verskyningsvorm van die meer werklike taalbesit van die enkeling, terwyl laasgenoemde op sy beurt net 'n afstempeling van 'n hoëre werklikheid is, nl. die taal van 'n volk en agter dit alles staan as laaste en hoogste werklikheid die taalbevoegdheid van die mens. (Weisgerber, a.w.) Die empirisme vereenselwig egter die taal met praat as een middel naas ander middele van weersydse beïnvloeding tot bepaalde gedrag, gemoedstoestande en opvattinge. Deur die taal as praat word dan die verlangde reaksies by ander ontlok en daarmee is die wese van die taal dan uitgeput. Die taal staan hiervolgens los van die gemeenskap en die individu wat hom slegs daarvan as uiterlike uitingsmiddel bedien. Dat mededeling, uitdrukking en algemene uiting 'n belangrike funksie van die taal is, sal niemand ontken nie, dog om dit tot die wese van die taal te verhef, is om alle nie-sintuiglik-waarneembare werkingsdraers alle werklikheid te ontsê soos die empirisme op eensydige wyse doen.

Diegene wat die werklikheid van die taal as wêreldbeeld en as taalbevoegdheid ontken, verwar meestal die taal met die grammatika van die taal. So skryf A. Nehring (Zur Begriffsbestimmung des Satzes, in Zeitschrift f. vergleichende Sprachforschung, nr. 55) „Taal is niks anders as 'n sisteem van dooie simbole wat sy bestaan slegs dank aan die ontledende arbeid van die grammatici wat die bestaan van die taal in die woordeboek en in die grammatiese handboek verleng”. Die grammatika en woordeboek maak die kultuurgoed taal heeltemal los van die gemeenskap as die lewende draer en skepper daarvan en verdinglik die taal tot iets absoluut onafhankliks. Die woordeboek en grammatika behandel wel albei die groot gebiede van die taal, nl. die woordeskat en sintaktiese vorme, dog doen dit op so'n manier wat nie anders as 'n abstraksie beskou kan word nie. Net so min as wat ons die opbou van die woordeskat in die taalorganisme van die enkeling na die voorbeeld van 'n alfabetiese woordeboek kan voorstel, net so min weerspieël

MOEDERTAAL EN TWEETALIGHEID

die woordeboek die woordeskat wat in die taalgemeenskap leef. In die woordeboek speel die klankdeel van die woord (die naam) die hoofrol en daarom hoor ons van soiets as woorde met meer as een betekenis! Geen woord as eenheid van naam en begrip het meer as een betekenis nie — dit kom nooit in die lewende woordeskat voor nie. Net so min kan ons grammatika's 'n wesensbeeld van die sintaktiese vormingsmoontlikhede van 'n taal weergee. Alleen deur die taal te verwar met die grammatika en die woordeboek, kan dit as 'n dooie stelsel opgevat word, 'n stelsel wat los van die volk staan en daarom deur iedereen willekeurig gebruik kan word as uitings- en medelingsmiddel!

V.

TAAL EN GEESTESVORMING.

Ons moet die enkeling in sy tweeledige houding betrag, nl. as lid van 'n taalgemeenskap, wat die moedertaal aanwerf, en as persoonlikheid wat sy eie-aard binne die genoemde moontlikhede ontplooi en dit veral met betrekking tot sy keuse en aanwending van die taalmiddele. Die eerste taalaktiwiteit vind ons wanneer die kind vir die eerste keer 'n klank-indruck of -teken as simbool van 'n belewing opvat, wanneer hy b.v. op die klank-indruck „tik-tak” na die horlosie soek. Dit is die begin van die begryping en beheersing van die verskynsels. Uit die belewing word 'n beeld gevorm wat die grondslag vir verdere opvattinge uitmaak. Hierdie ontwikkeling staan onder regstreekse invloed van die taalomgewing. Van belang is dat die mens nie vir hom sy eie taal skep nie, maar aan die begin sy moedertaal aanleer. Dit beteken dat die kind sodra hy die moedertaal aanwerf, nie op grond van sy eie ervarings 'n wêreldbeeld vorm nie, maar dat hy met die ervaring van ander soos hy dit in sy moedertaal vind, vertrouud raak. Die kind groei daarom noodwendig op in die geesteswêreld wat in sy moedertaal vasgelê is. As gevolg hiervan is die mens die lange weg gespaar om alle ervarings self te verwerk, saam te vat en te orden en is hy daarom in staat om verder te bou op die grondslag wat vir hom as enkeling heeltemal onbereikbaar is. Selfs die eenvoudigste taal staan op 'n oneindig hoëre ontwikkelingstrap as wat die mens in die kort tydjie van sy lewe kan bereik.

Met die aanwerwing van die wêreldbeeld van sy volk deur die aanleer van sy moedertaal, gaan gepaard die geweldige invloed van die aangeworwe taalmiddele op die denke en handeling van die enkeling. „'n Ontwikkelde taal dig en dink vir sy draer” (F. Panzer: Volkstum und Sprache). In 'n bepaalde sin dink nie die enkeling nie, maar dink die moedertaal vir hom. (Weisgerber, a.w., bls. 121).

Dit beteken dat die mens dit wat sy moedertaal hom aan begrippe en sintaktiese vorme bied, eenvoudig aanvaar, dat hy self nie eers 'n geringe deeltjie daarvan kan uittoets nie, maar op die waarheid en doelmatigheid van die oorgenome besit moet vertrou. Ons verlaat ons op die oorgenome begrippe en beoordeel ons ervaring in hoofsaak op grond van ons taalwete en volgens die maatstawwe van die taalfeite. Ons sien, hoor, ruik ens. slegs dit waarvoor ons woorde besit of wat ons onder 'n bepaalde woord (as eenheid van naam en begrip) kan tuisbring, d.i. ons neem alleen dit waar wat ons ken. So op elke gebied van die lewe en wetenskap oefen die moedertaal tot in die kleinste besonderhede 'n beslissende invloed uit op die denke van die enkeling. Eers die taalbevoegdheid van die mens maak die denke moontlik.

Die geestesvorming van die mens is daarom eers moontlik as gevolg van die bestaan van die moedertaal en afhanklik van die aanwring van die moedertaal. Die denkontwikkeling en die ontwikkeling van die hoëre geestesprosesse is nie identiek met maar kongenitaal verbonde aan die taalontwikkeling. Die afhanklikheid van die geestesvorming van die moedertaal word nie opgehef deur die feit dat die enkeling in die eie-making en aanwending van die bestanddele van die moedertaal 'n taamlike speelruimte besit nie en die eie-aard van sy persoonlikheid ook in hierdie verband kan handhaaf nie. Die enkeling vertoon in sy persoonlike taalbesit nie 'n getroue en volkome afbeelding van sy moedertaal nie, juis omdat hy as gevolg van sy geestesaktiwiteit die moedertaal op eie wyse verower. Ook geniale, uitstaande persoonlikhede laat hul spoor op die moedertaal na, dog „hulle wortel diep in die wesensaard van hul volk wat hulle net na sy besondere kant heen 'n verhoogde uitdrukking verleen. Dit is egter duidelik dat die wesensaard van die gehele volk bo dergelike besonder-stempels heen beweeg en dat dit aan die geheel sy kleur en geur gee” (Panzer, a.w.) Die woordeskat wat die ontwikkelde enkeling as sy lewendige besit beheer, omvat nie meer as ongeveer 'n derde van die totale woordeskat van die moedertaal nie. (Weisgerber, a.w.) 'n Groot deel van sy woordeskat is slegs 'n kennis van name en nie 'n beheer van woorde nie. Baie

woorde bly vir die enkeling net leë name. Iemand met 'n groot woordeskat is nie noodwendig iemand wat sy moedertaal beheer nie en daarin bestaan die werklike taalaanwering van die enkeling wat voortduur solank hy lewe. Waar die enkeling nie sy moedertaal as geheel kan beheer nie, bestaan sy vryheid daaruit dat hy 'n bepaalde taalgebied kan kies en dit volkome beheers. Alleen daardie deel van sy moedertaal wat hy volkome beheers, kan hy verder ontwikkel en so sy moedertaal verryk. Onder taalbeheersing word nie welsprekendheid, die vloeiende gebruik van 'n buitengewone aantal woorde as name verstaan nie, maar wel die feilloose hantering van die taalskema's deur iemand wat tewens in staat is om sy denke te laat rig deur die hoogste psigiese niveau's en daarby dus die laere niveau's tot sy beskikking het sonder om daarin vas te raak en sy hoëre opdrag uit die „oog” te verloor. (Langeveld, a.w., bls. 121) Taalbeheersing beteken verder dat die woord as begrip in sy volle omvang en draagwydte opgeneem en aangewend word, dat die inhoud van die moedertaal as wêreldbeeld volkome gevat word.

Die gestesvorming van die mens kan slegs deur die moedertaal geskied en dit beteken die beheersing van die moedertaal. Dit dan vorm die kern van die moedertaal-onderwys en alle onderwys is in wese moedertaal-onderwys, in dié sin dat die inhoud van die moedertaal die enigste grondslag vir die onderwys in al sy vertakkings vorm. In die moedertaal is immers alles gekonkretiseer, wat vormende waarde besit en hierop word die onderwys in sy geheel gebaseer. Die volle inhoud van die moedertaal as wêreldbeeld word gekonkretiseer in die verskillende kultuurvorme as kultuurgeheel. Onderwys wanneer dit werklike geestesvorming wil wees, dit is, wanneer dit die begripsmatige beheer van die werklikheid beoog en nie tot die oppervlakkige en inhoudlose gebruik van vele woorde as name wil lei nie, kan niks anders as kultuuronderwys wees nie. „Die ontwikkeling van die taalbeheersing is middel tot vorming van die mens en is die mens middel tot vorming, d.w.s. tot opneming, verwerking, vernuwing en verdergewing van die kultuur. Maar vir beide doeleindes is nog meer nodig. Taalbeheersing moet gevorm word aan iets

waarmtrent gepraat of geskryf (resp. verstaan of gelees) word. Opneming ens. van kultuur veronderstel ewe-eens inhoude. In die beste geval is beide inhoude dieselfde, in 'n groot aantal gevalle is hierdie identiteit egter nie bereik nie, is die in die taal bedoelde en die daaruit begrepene of geen kultuurinhoud of 'n hoogs afgeleide vorm daarvan. Vir die ontwikkeling van die taalbeheersing val, voorlopig ponierend, slegs te sê: dit word uitsluitend geoefen aan kultuurinhoud, hetsy dit sentraal, hetsy dit middellik in verband staan tot sentrale kultuurinhoud. Dit lei tot die gevolgtrekking dat ook die kultuurinhoud van die grootste belang is vir die taalonderwys. Inleiding in die kultuur van die eie volk en daardeur ook tot dié van die mensheid is die ander hoof funksie van die taalonderwys". (Langeveld, a.w. 128).

Waar die taal bloot as 'n meedelingsmiddel opgevat word, word die taalonderrig toegespits op die uiterlike vorme wat in die grammatikaboek uiteengesit is. Taalkorrektheid, goeie uitspraak en korrekte vormbou en dit deur middel van die skrif, word op die voorgrond gestel. Waar die taal weer bloot as uitingsmiddel opgevat word, word die nadruk in die onderrig op die uitdrukking in die taal gelê. Vormbeheersing en uitdrukkingsbevoegdheid vorm weliswaar belangrike doelstellings van die taalonderrig, dog die eintlike taalonderrig moet ingestel wees op die kernprestasie van die taal wat in sy kenniswaarde geleë is. (Weisgerber) Die kultuurgoed taal is 'n maatskaplike kennisvorm en die kind wat sy moedertaal leer, groei in die denkwêreld van 'n taalgemeenskap op — aan en met die klankvorme neem die inhoude vorm aan en daardeur word die gees tot 'n oorsig en beheer van die verskynsels gevoer. „As die taalonderrig 'n sin het, kan dit net hierdie opbou van die wêreldopvatting in die taal by die kind wees". (Weisgerber). Die middelpunt van alle taalonderrig wat die klankvorming, die skrif, die grammatiese verskynsels, die styloefeninge insluit, is egter die inhoud-sy van die taal. Soos alle taalbestanddele hul doel en bestaansgrond verloor, wanneer dit van die taalinhoud losgemaak word, so word ook die taalonderrig sinloos sodra die klank- en skrifvorm selfdoel word. Daarom lê Weisgerber die nadruk daarop dat die

oordraging van die moedertaal-inhoude, d.i. die kultuur-inhoude, bewus en uitdruklik in die middelpunt van die taalonderrig gestel moet word. R. Hildebrand het hierdie waarheid reeds as volg uitgedruk: Die taalonderrig moet met die taal tegelyk die inhoud van die taal, die lewensinhoud daarvan vol en fris en warm vat. (Vom Deutschen Sprachunterricht in der Schule....) Met die vattling van die taalinhoude word bedoel dat bo alles die begrippe en denkvorme wat in die taal neergelê is, vir die kind beoefen en opgehelder sal word. Daar bestaan genoeg grammatika-boeke en styloefeninge maar 'n handleiding oor die inhouds-opbou van die moedertaal is nog selde in hierdie beteken:is onderneem.

Langeveld wys in sy meermale aangehaalde werk daarop dat 'n belangrike deel van hierdie inleiding in die kultuur met behulp van die kinderlike en nog nie doelbewus gevormde taalbeheersing buite om die onderwys in die moedertaal as sodanig geskied en wel deur die skool met sy talryke leervakke, deur die gesin en sy opvoedende invloed, deur die aanraking met ambagte, organe van administrasie en bestuur, jeugbewegings, die kerklike en politieke lewe. Die onbewuste oefening van die taalbeheersing en tewens die bewuste inleiding in bepaalde kultuurgebiede vind in allerlei lesse, soos geskiedenis, natuur- en skeikunde ens. plaas. Die moedertaal-onderwyser is natuurlik in die eerste plek aangewys op daardie kultuurgebiede waar die taalbeheersing eksplisiet en uitgesproke beoefen kan word. „Die moedertaal-onderwys het as primêre kultuurinhoud waarin die leerling ingelei behoort te word: die taalkuns van sy volk. Dit is tewens die worsteling van 'n mensegees, van die menslike gees met die taal waarmee ook hy, die leerling self, sal moet worstel as hy sal trag om daarin iets uit te druk, d.w.s. die taal wat hy sal moet leer om te beheers. Taal-esteties-onderwys is dus as kultuurinhoud van hierdie onderwys te arm en te eensydig” (Langeveld, a.w., bls. 129).

Hoewel die taalonderrig as kultuuronderwys die denkontwikkeling as die keersy van die taalbeheersing beklemtoon, word die onderwys nie daardeur eensydig geïntellektualiseer nie. As die taal die middel van die mens is om die wêreld en sy verskynsels begripsmatig te beheers, moet ons

die kind alles wat sy moedertaal hiervoor in gereedheid gestel het, so getrou moontlik oorlewer. Dit is geen passiewe oorlewering nie, maar 'n oordrag wat aktief deur die jong geslag verwerf word|. Waar al die geesteskragte van die mens in die taal tot gelding kom, werk ook die gevoelsmatige in besonder mee in die begripsvorming wat daarom nie 'n uitsluitende intellektuele proses is nie. Met die moedertaalonderrig moet nie bloot soos in die geval van vreemde taalaanlering 'n weg tot die geestesskatte van die kultuur ontsluit word nie, maar moet die taal self as vernaamste kultuurskepping gevoelsmatig-intellektueel lewendig word en dit moet die grondslag vir die denke en handeling van die enkeling verskaf. „Die lewende taal is geen in homself rustende, van die mense losgemaakte syn nie, is geen saak nie maar prestasie. In elke oomblik moet dit deur elkeen van sy draers opnuut geskep word en dit verander getrou met die mense met wie en deur wie dit leef. Onafgebroke neem dit nuwe stemminge, nuwe gedagtes, nuwe indrukke in hom op. So word die taal geleidelik die groot argief waarin al die belewings van 'n volk bewaar word — nie egter as stofbedekte perkamente nie, maar as ewig lewende. ewigbewegende bewys van sy doen en lyding”. (Panzer, a.w.) Die gehele lot en roeping van die volk word immers in sy taal weergegee. „Daarmee is ook gesê dat die taal niks anders kan wees nie as die klankgeworde gemoed van die volk, want lot en gemoed is een en dieselfde”.

Deur die moedertaal is die enkeling voelend, denkend en strewend gebonde aan die lot en roeping van sy volk, deur die taalonderrig as taalbeheersing word hy denkend, voelend en willend ingelei in die kultuurlewe, die geesteswêreld van sy volk en daar is geen ander weg wat lei tot die geestesvorming van die enkeling nie.

VI.

TWEETALIGHEID.

Wanneer ons onder die kennis van 'n taal, die beheersing van die inhoude en vorme van die taal en die daarmee gepaard gaande vorming van die enkeling deur die geestesbesit van sy volk verstaan, dan beteken tweetaligheid die beheersing van twee verskillende tale as geestesvorme, waarin twee verskillende wêreldbeelde, veral wat die inhoud betref, hul neerslag gevind het.

Tweetaligheid is daarom na sy wese tweewêreldbeeldigheid, 'n tweeledige geestesinstelling teenoor die werklikheid. Twee verskillende geestesinstellings teenoor die werklikheid, wat noodwendig tot twee verskillende wêreldbeelde as taalvorms voer, kan nooit in een en dieselfde persoon sonder samehang langs mekaar bestaan nie, dog tree voortdurend in stryd met mekaar. Die gevolg kan wees dat een geestesinstelling, een geesteswêreld die oorwegende rol speel en die ander een geleidelik opneem in homself of dat, wanneer albei ewe kragtig gerig en gefundeer is, die stryd teen mekaar onafgebroke voortduur. 'n Eenwording waartoe albei eweveel bydra, en waarin 'n oorspronklike nuwe wêreldbeeld ontstaan, kom egter nooit voor nie. Die ontstaan van 'n nuwe oorspronklike dog verwante wêreldbeeld, is alleen moontlik op grondslag van 'n oorwegende geestesinstelling, wat lewenskragtigheid genoeg besit om die aan die begin daarmee in stryd staande geestesinstelling geleidelik op te neem en tot 'n eenheid van uiting te verwirklik. 'n Sodanige wêreldbeeld sal egter altyd die spore van sy ontstaan tot 'n groter of geringer mate vertoon, na gelang van die lewensomstandighede waarin dit geskied het. Ons moet onthou dat die instelling waarvan hier gepraat word, die oorspronklike houding van 'n bepaalde geestesgemeenskap is teenoor dié dinge wat sy volle werklikheid uitmaak.

Alleen deur die wese van die taal as die menslike be-

ginsel van taalbevoegdheid, wat 'n bepaalde geestesgerigtheid inhou, op te vat, en die algemene kennisvorm van 'n bepaalde volk as die wêreldbeeld, kan daar sprake wees van 'n tweetaligheidsvraagstuk, d.i. die vraagstuk van botsende taalbevoegdhede as geestesinstellinge en van wêreldbeelde as geestesvorme van verskillende volksgemeenskappe wat die skeppers en draers daarvan is. Vir die empirisme wat hierdie wesensmomente van die taal ontken, bestaan daar nie so iets as 'n twee- of meertaligheidsvraagstuk nie. Dit maak immers onder meer die taal as taalbevoegdheid en kultuurbesit los van die volk en vereenselwig dit met die woordeskat en sintaksis as middele van uiting. Volgens hierdie beskouing is die denke nie afhanklik van die taal as begripstelsel nie, maar bedien die denke hom slegs van verskillende eenhede van woordeskat en sintaksis. Die denke, veral as natuurwetenskaplike denke, word beskou as 'n logiese vermoë wat onafhanklik van die taal bestaan en eintlik deur die verskillende tale verhinder word in die doeltreffende uitoefening van sy funksie. Daarom word daarna gestrewe om die taal in soverre moontlik te vervang deur tekens, wat egter nooit anders as op grondslag van die taal kan ontstaan en betekenis besit nie. Wat wel bereik word deur die wetenskaplike simboolstelsels, is dat die sielkundige apparaat van die taal op kunsmatige wyse verdiep en verbreed word en dat die taalbedding waarin die denke verloop, na sy struktuur fundamentele verskille vertoon met die oorspronklike bedding. (Vgl. Langeveld, *Taal en Denken*, bls. 142).

Waar die taal vereenselwig word met woordeskat en sintaksis en die denke as 'n onafhanklike vermoë opgevat word, is dit dan ook om die ewe van watter eenheid van sintaksis en woordeskat die denke hom bedien; of presieser, aan daardie eenheid van woordeskat en sintaksis word die voorkeur verleen, wat omrede sy rypheid en gedifferensieerdheid die doeltreffendste middel blyk om die denke in al sy vertakkinge en rigtings te dra. Meertaligheid beteken dan bloot dat die enkeling hom van meer as een woordeskat-sintaksis-stelsel bedien om uiting aan sy gedagtes, die produkte van sy denke, te gee. Die voordeel van meertaligheid is dan dat die enkeling deur die gebruik van verskillende

tegniese middele om dieselfde begrippe uit te druk, daardie begrippe beter kan ontleed en onderskei van ander begrippe, aangesien die verskillende eenhede van woordeskat en sintaksis 'n ander aspek van dieselfde begrip beter dra en daarom duidelik beklemtoon. Op hierdie grondslag is daar aan meertaligheid slegs voordele verbonde, en is dit daarom geen vraagstuk nie. Volgens die empiristiese opvatting is tweetaligheid die kennis en gebruik van twee verskillende eenhede van woordeskat en sintaksis as uitdrukkings- of mededelingsmedium van dieselfde voorstellings of gedagtes (begrippe).

Dit blyk tans hoe uiters noodsaaklik dit is om die wese van die taalverskynsel in besonderhede na te gaan alvorens die tweetaligheidsvraagstuk as vraagstuk gestel kan word. Die aanwerwing van twee of meer tale as die kultuurbesit van twee of meer volke, wat as geestesgemeenskappe vanuit verskillende geestesinstellinge rekonstruerend, skeppend teenoor hul lewensomstandighede staan, beteken letterlik die eimaking, deur die taalbeheersing, van twee of meer van mekaar verskillende wêreldbeelde as begripstelsels, d.i. ongedifferensieerde waarheidstelsels. Met ander woorde, wanneer van die kind verwag word dat hy sy moedertaal en 'n tweede taal min of meer gelyktydig op so'n wyse moet aanleer dat hy later albei „volkome" kan beheers, en die taalonderrig doelbewus daarop afstuur, dan ontstaan noodwendig 'n wesentlike tweespalt in die geestesstruktuur van die kind, wat nie alleen in skadelose taalfoute tot uiting kom nie, maar veral in die vorm van 'n diepergaande geestesverwarring openbaar word. (F. Sander: *Seeliche Struktur und Sprache — Strukturpsychologisches zum Zweisprachenproblem, in Ganzheit und Struktur*, bls. 60). Friedrich Jahn druk dit in sy *Deutschen Volkstum* as volg uit:

Wanneer in die vroeë jeug twee of meer tale tegelyk hul werksaamheid uit, moet hulle hul met die voorstellinge deurkruis, die gedagte-samehang verbreek en die gehele mens verwar. Waar met tweetaligheid die beheersing van die tweede taal beoog word, en reeds in die vroeë jeug daarmee 'n begin gemaak word, voer hierdie teenoormekaarstelling van twee tale noodwendig tot 'n verbrokkeling van die strukturele eenheidsbou van die gees, iets wat in die ver-

skillende funksiesamehange van die persoons-geheel merkbaar is. Ons noem eers die uitwerking hiervan ten opsigte van die taal self.

Met die aanwering van die tweede taal gelyktydig met die moedertaal, word die normale beheersing van die moedertaal gestrem. Die steurende invloed van die tweede taal is groter wanneer die jeugdige sielelewe nog labiel en ontwikkel is. wanneer die innerlike houding soos dit met die toeëiening van die moedertaal gewin word, nog weinig vasgelê is. (Sander, a.w., bls. 63). In die geval waar die kind 'n tweede taal min of meer gelyktydig met sy moedertaal aanleer, dit gelyktydig hoor en praat, vind ons dat die sinlike klankvorming en die taalbou van albei tale mekaar wedersyds beïnvloed, en afwykinge in albei tale met betrekking tot die klankgewing, die aksentuering, die sintaksis en taalbou voorkom. Dog van meer ingrypende aard is die taalfoute wat as verspreking, verkeerd hoor en verkeerd skryf bekend staan. Ons vind hierdie taalfoute alleen wanneer die gerigthede, tendense en instellinge wat in verskillende tale tot uiting kom, met mekaar in stryd verkeer. „Die konflikte, waarvan die stryd tussen verskeie taaluitingstendense in die persoonseenheid van die sprekende en horende die oorsaak is, voer tot karakteristieke hoor-, praat- en skryffoute” (Sander).

Die taalfoute en afwykinge is egter maar die uiterlike simptome van die verskynsel dat deur die vroeë tweetaligheid, die eenheid en geslotenheid van die innerlike geesteshouding in gevaar gestel word. Waar die taalontwikkeling in innerlike samehang met die artikulasie van die sielelewe staan, moet 'n stremende invloed op die hele geestesontwikkeling aangeneem word. Alle navorsers op hierdie gebied stem daarin ooreen dat tweetalige kinders teenoor eentalige kinders gewoonlik 'n agterstand in ontwikkeling vertoon (Sander, a.w.) Die tweespalt wat as gevolg van 'n tweetalige opleiding tot in die diepste van die innerlike lewe heenreik, verbreek die eenheid van die psigiese struktuur. „Alle gesonde ontwikkeling veronderstel 'n in homself afgeronde, ongebroke en afgeslote geheelheid van die psigiese gebou. Alleen wanneer die siel hierdie geheelheid besit, kan dit hom in ooreenstemming met sy innerlike wet afgerond,

differensiërend en geledend deurvorm. Alle ontydige opbreking van hierdie eenheidstruktuur, soos dit deur die opdringing van 'n tweede innerlike houding van 'n vreemde taal volg, stel die innerlike geslotenheid van die hom ontvouende geheel in gevaar" (Sander, a.w.)

Die genoemde gevolg van tweetaligheid geld vir alle sye van die geheel, vir die intellektuele ontwikkeling net soos vir die gemoeds- en wilslewe, sowel as vir die sedelike vorming.

In die intellektuele ontwikkeling word die analise ten koste van die meer wesentlike intellektuele prestasie, nl. die sintese, die vorming van begripsmatige gehele en samehage, as gevolg van tweetaligheid bykans uitsluitend beoefen en bevorder. Die vermoë om sake na hul wese saam te vat, iets wat vir die uitvoering van intellektuele take noodsaaklik is, skyn in die geval van vroeë tweetaligheid aanmerklik minder, en dit vertraag die algemene geestesontwikkeling van die kind.

Ook in die gevoelslewe laat die tweespalt as gevolg van tweetaligheid hom geld, veral in die vorm van stemmingswisselinge, wat daarop dui dat in die diepste gemoed onuitwisbare spanninge bestaan. Hierdie durende gemoedstoestand in die geval van tweetalige kinders is selfs merkbaar in die liggaamlike bewegings, wat gewoonlik onseker en gestrem voorkom. Die ritmiese vloei van die kinderlike bewegingslewe is tot 'n groot mate versteur, terwyl die lewens-tempo in baie gevalle verhoog word en daarom 'n voortdurende afgebrokenheid vertoon. Die bewegingsonsekerheid tref selfs die oriënteringsvermoë van die kind: „terwyl by normale eentalige kinders een liggaamsy die leiding het en regs en links as plekbepaalde lede van 'n funksiegeheel teenoor mekaar staan, vind ons by tweetalige kinders en ook volwassenes dikwels 'n opvallende onsekerheid in die regs-links-differensiëring”.

Die betekenis van die taal vir die geestesvorming van die mens, of soos dit in die terminologie van die Ganzheit-sielkunde genoem word, vir die deurstrukturering van die kindersiel, kan nie oorskat word nie. Daarin neem ook die waardeverhoudinge van 'n volksgemeenskap 'n objektiewe vorm aan, en hierdie sedelike waardehoudinge waarin die

verbondenheid van die enkeling aan die volksmeenskap tot uitdrukking kom, word deur die vroeë tweetaligheid versteur. Die tweetalige kind „val as 't ware tussen twee stoele deur” (Rodakiewics) en vind dit moeiliker as die eentalige kind om tot 'n karakterfundeerde konstante van sy waardehouinge te kom. Die gevaar bestaan dat sy gedrag nie deur sy waardehouinge, maar wel deur die sosiale situasie bepaal word. Dit hou in dat sy sedelike vorming ondergeskik gemaak word aan die heersende maatskaplike omstandighede, en daarom verwaarloos word. Dit lei tot 'n sedelike relativisme wat tot in die godsdienstige lewe van die enkeling heenreik. Dit is ongetwyfeld seker dat ongelowigheid meer onder tweetaliges as onder eentaliges voorkom.

Die nadelige gevolge van tweetaligheid hierbo uiteengesit, kom nie in alle omstandighede ewe duidelik tot uiting nie. In normale omstandighede waar 'n kind met sy toetrede tot die middelbare skool een of meer vreemde tale aanleer deur middel van 'n studie van die woordeskat en sintaksis van daardie tale, wat nie in sy onmiddellike omgewing deur afsonderlike volksgemeenskappe gedra word nie, sal die genoemde gevolge tot 'n baie geringe mate merkbaar wees. Waar die kind slegs ongeveer 'n uur per dag die woordeskat en sintaksis van 'n vreemde taal op skool aanleer, leer hy ook die geestesinstelling wat daaraan ten grondslag lê, sowel as die wêreldbeeld wat daardie sintaksis en woordeskat werklikheid verleen. Hy leer dit as 'n vreemde geestesinstelling aan wat dus nooit in regstreekse stryd met die geestesinstelling en wêreldbeeld wat in sy moedertaal vasgelê is, kan tree nie. In hierdie geval is hy dus gevrywaar van die innerlike geestestweespalt wat noodwendig tot karakteronvastheid, waarde-relativisme, gedragsonsekerheid, lewensverwarring ens. voer. In hierdie geval beteken „tweetaligheid” die volkome beheersing van die moedertaal en 'n korrekte aanwending van die woordeskat en sintaksis van 'n tweede taal, waardeur die geestesbesit van 'n ander volk vir die „tweetalige” ontsluit word sonder dat dit 'n tweede grondslag, gelyk aan waarde met sy moedertaal, vir sy geestesvorming uitmaak. Die waarde van „tweetaligheid” in hierdie sin, kan ook nie oorskat word nie. Hoe dit presies bydra tot die geestesvorming van die mens, gaan ons hier

nie na nie. As meertaligheid selfs in hierdie geval opgevat word as die volkome beheersing van verskillende tale, hoe verwant ook aan mekaar, en die taalonderrig veral buite die skool daarop toegespits word, sal hierdie meertalige in geen enkele opsig produktief, d.i. wesentlik, kan bydra tot die kenniswêreld in enige van sy vertakkinge nie. Toe iemand met blykbare selfvoldaanheid aan 'n groot geleerde verduidelik het dat hy sewe tale magtig is, het laasgenoemde hom kalm gevra of hy al in een van daardie tale iets gesê het wat die moeite werd was.

Die verwoestende uitwerking van tweetaligheid vind ons noodwendig in daardie gevalle waar een volk deur 'n ander volk gewelddadig verower word, en die jeug van die verowerde volk gedwing word, al is daardie dwang nie van uiterlike aard nie, om die taal van die veroweraar min of meer gelyktydig met sy moedertaal aan te werf, en die doel van die taalonderrig die volkome beheersing van die tweede taal is. Vir die jeug van die veroweraar sal die aanleer van die taal van die verowerde volk minder drastiese gevolge hê, juis omdat sy geestesinstelling en wêreldbeeld in sy eie boesem sal domineer, en tweetaligheid in sy geval nie meer sal beteken as die beheersing van sy eie moedertaal en die korrekte aanwending van sy kennis van die woordeskat en sintaksis van die taal van die verowerde volk nie. Dit vind veral plaas as die wêreldbeeld van die veroweraar op al die terreine van die volkslewe reeds 'n vaste vorm aangeneem het en die geestesinstelling wat dit ten grondslag lê, daardeur geaksentueer is en wel tot so'n mate dat dit altyd die beslissende en bepalende rol in die lewe en denke van daardie jeug speel. Daar hierdie jeug die tweede taal egter nie net op skool aanleer nie, maar buite die skool in voortdurende aanraking kom met die draers van daardie taal, sal die invloed daarvan op die denke en handeling groter wees as in die geval waar die tweede taal slegs op skool, en nie in aanraking met die volk as draer daarvan nie, aangeleer word. Hierdie invloed sal in die genoemde omstandighede nie lei tot 'n geestestweespalt nie, dog tot die verwerking vanuit die eie geestesinstelling van die inhoude van die ongedifferensieerde wêreldbeeld wat in die tweede taal sy neerslag gevind het. Die wêreldbeeld van die veroweraar

word daardeur nie na sy wese verander nie, maar alleen verryk vanuit die ervaring van 'n ander volk, met ander woorde, word daardeur verjong en verfris en so verder ontwikkel. Vir die geestesvorming van die jeug van die veroweraar kan „tweetaligheid” in hierdie verband alleen 'n voordeel wees.

Vir die jeug van die verowerde volk is die gevolge van die volkome beheersing van die vreemde taal van 'n meer ingrypende aard, veral wanneer die wêreldbeeld van die verowerde volk nog ongedifferensieerd is, d.w.s. nog nie tot vaste uiting op al die terreine van die volkslewe gekom het nie. Tweetaligheid in hierdie omstandighede voer noodwendig tot 'n stryd van die eie teen die vreemde geestesinstelling, tot 'n geestestweespalt en -verwarring wat in al die psigiese funksies sowel as in die liggaamlike tempo en beweging tot uiting kom. As die taalonderrig met die aanleer van die vreemde taal toegespits word op die aanleer van die woordeskat en sintaksis daarvan, en daarom tot 'n sekere mate losgemaak word van die volk as draer daarvan, word die verwoestende gevolge hierbo genoem. effens versag in hul uitwerking, dog nie heeltemaal uitgeskakel nie. As die onderrig in die tweede taal in hierdie geval van so groot belang beskou word dat die vreemde taal ook as medium vir die inleiding in ander kultuurgebiede dien, as medium vir die onderwys in ander skoolvakke gebruik word, dan word die nadelige uitwerking van tweetaligheid soos geskets, nog verder verskerp. Die gevolg is dat die geestesinstelling en wêreldbeeld van die eie volk geleidelik maar gewis vervang word deur die geestesinstelling en wêreldbeeld van die veroweraar. Dit is die sekerste en kortste weg tot die volkome denasionalisasie van die verowerde volk — en dit onder die skyn van die behoud van sy eie taal!

Wat hier gebeur, is dat die bestaande woordeskat en sintaksis van die verowerde volk geleidelik, dog absoluut, geskei word van die volksgemeenskap, wat vanuit 'n bepaalde geestesinstelling sy eie wêreldbeeld geskep het, en dat dit langamerhand aangewend word as 'n tweede, hoewel minder geskikte, medium vir die uitdrukking van die geestesinhoud van die oorheersende volk. Daardeur word die bestaande woordeskat en sintaksis na sy wese verander.

Die eerste simptoom van hierdie proses is die vreemde taaiwending in die moedertaal.

Die vervanging van die eie geestesinstelling deur die geestesinstelling van die vreemde volk in die omstandighede hierbo genoem, vind sy moontlikheid daarin dat in alle wêreldbeelde alle moontlike geestesinstellings in kiem aanwesig is, dog dat 'n bepaalde een oorweeg en in die verdere differensiasie van daardie wêreldbeeld geaksentueer word en 'n beslissende rol speel. Wanneer die stryd met 'n ander geestesinstelling in die gesketste omstandighede in die boesem van die jeug ontbrand, word die ooreenstemmende geestesinstelling in die wêreldbeeld van sy volk tot uiting gebring en tree die tot nog toe bepaalde instelling op die agtergrond.

Hierdie proses van vervanging van die eie bepalende geestesinstelling deur dié wat die vreemde taal ten grondslag lê; hierdie proses van denasionalisasie word veral as gevolg van die ekonomiese omstandighede waarin die verowerde volk hom geleidelik gaan bevind, bevorder en bespoedig. Dit kom kortliks daarop neer dat die veroweraar, as gevolg van sy posisie, langsaamerhand die beheer oor die ekonomiese wêreld uitoefen en dat die beheersing van sy taal 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n betrekking in daardie ekonomiese wêreld is. Nie meer die eenheid van sedelike waardeverhoudinge, wat deur die geestesinstelling van sy volk gedra word, vorm die maatstaf van die gedrag van die verowerde volk se jeug nie, maar wel die nuttigheidsbeginsel, wat konsekwent tot tradisieloosheid, godsdiensloosheid en naakte materialisme voer. In plaas van dat vanuit die eie geestesinstelling 'n eie ekonomiese stelsel uitgewerk word, waaroor die volk self beheer uitoefen, word die vreemde ekonomiese stelsel as sodanig aanvaar, en word die jeug verplig om deur die volkome beheersing van die vreemde taal hulle daaraan te onderwerp terwille van hul brood en botter en ten koste van die eenheid van geestesstruktuur en sieleheil. Die vervanging van die geestesinstelling en wêreldbeeld van die eie volk deur middel van die beheersing van die vreemde tweede taal, strek hom dan verder uit tot 'n vervanging van die eie volk se godsdiensvorm, sy sedelike norme, sy staatkundige en regstelsel, sy onderwys- en op-

MOEDERTAAL EN TWEETALIGHEID

voedingstelsel, sy maatskaplike omgangsvorme en ander kultuurvorme, deur die kultuurvorme van die veroweraar op al hierdie terreine van die volkslewe. Hierdie vervanging van die kultuurbesit van die verowerde volk beteken 'n op-neming daarvan in die wêreldbeeld van die veroweraar, en wel op grondslag van sy eie geestesinstelling wat daardeur nie wesentlik verander, dog slegs verryk word.

Die voorafgaande toon duidelik aan wat tweetaligheid as vraagstuk werklik inhou. Vir 'n verowerde volk is dit gebiedend noodsaaklik om volkome op hoogte met al hierdie aspekte van die vraagstuk te kom voordat hy enigsins sy kultuurstrewe met betrekking tot die daarteenoor staande kultuurrigting kan bepaal. Moedertaalonderwys vorm gewoonlik die selfhandhawende leuse van die verowerde volk, dog wanneer moedertaal-onderwys niks meer beteken as die aanwending van die eie woordeskat en sintaksis as medium vir die oordraging van die vreemde kultuur-inhoude en begripstelsels aan die jeug van die eie volk nie, en dit nog deur die onderwysstelsel van die veroweraar, dan kom ons eers te staan voor die kernvraagstuk van tweetaligheid.

VII.

MOEDERTAAL EN TWEETALIGHEID IN SUID-AFRIKA.

In Suid-Afrika het ons te doen met die geval waar die jeugdie Boerevolk met mag onderwerp is aan die Engelse volk met sy volgroeiende kultuurvorme op al die terreine van die lewe. Toe dit gebeur het, was die Boerevolk nog in hoofsaak 'n selfversorgende landbougemeenskap wat sy eie wêreldbeeld reeds in 'n eie taal vasgelê het. Hierdie wêreldbeeld het op godsdienstige, sedelike, staatkundige-, regs-, opvoedkundige- en landboukundige gebied reeds 'n vaste vorm begin aanneem, maar nog nie tot volheid uitgegroeïe nie. Om die inhoud en tendense van daardie wêreldbeeld, wat sy neerslag in die Afrikaanse taal gevind het, nader te bepaal, is dit noodsaaklik om die geestesinstelling wat daaraan ten grondslag lê, duidelik te bepaal.

Net soos in die geval van alle volke, het die Boerevolk as geestesgemeenskap ontstaan in die gemeenskaplike instelling en houding teenoor alles wat vir hom werklik was, 'n instelling wat in die eerste plek eers in die aanvaarding van 'n gemeenskaplike roeping tot uiting kom en lei tot die rekonstruering van die werklikheid wat in die taal 'n bepaalde geestesvorm aanneem. Om die Afrikaanse geestesinstelling na sy vernaamste gerigthede te karakteriseer, kan ons begin deur die vraag te stel: wat is vir die Afrikaner werklik? Hierop sal die antwoord volg: God, die Skepper van hemel en aarde, van die geestes- en stoflike wêreld in sy eenheid en verskeidenheid. Nie slegs die er-vaarbare wêreld, die anorganiese stof, die organiese lewende wesens, maar ook die ryk van geestelike waardes en ideale en bo alles God, die transendente Skepper van dit alles, is werklik, kom werklikheid toe. Die volle werklikheid is daarom meer as die empiriese feite-wêreld, die realiteit. 'n Geestesinstelling wat gerig is op die volle geestes-stoflike werklikheid met God as die hoogste skeppende Werklikheid, noem

ons 'n nie-empiriese geestesinstelling, waarin ons verder twee hoofipes moet onderskei. Volgens die nie-empirisme kan God as gees slegs binne die wêreld, die kosmos, bestaan as werklikheid en sy hoogste beliggaming in die algemeen-menslike gees vind of ook terselfdertyd buite die kosmos, transendent daaraan, as die Skepper daarvan. Die nie-empirisme kan òf die grens tussen God en kosmos uitwis òf dit erken. Waar die nie-empirisme die grens tussen God en kosmos uitwis, word die algemeen-menslike gees opgevat as die skepper van die empiriese sintuiglik-ervaarbare wêreld, nie in die betekenis dat dit hierdie wêreld uit niks tot stand bring nie, maar in die sin dat die gees vanuit homself, vanuit sy eie kategorieë of subjektiewe gesigspunte die orde binne die kosmos skep, d.i. hierdie wêreld tot objektiewe werklikheid maak. Die kosmos kom daarom slegs werklikheid toe in die stelsel van objektiewe waarhede wat deur die gees geskep word. Waar die nie-empirisme egter die grens tussen God as die Skepper en die kosmos erken, kom die kosmos as goddelike skepping werklikheid toe, dog daarmee word die Skepper nie aan die wêreld ondergeskik gemaak nie of heeltemal van die kosmos geskei soos die empirisme dit wil nie. Volgens hierdie vorm van die nie-empirisme, staan God bo en buite die kosmos as die Skepper daarvan en openbaar Hy Hom voortdurend in die kosmos. In hierdie openbaring word nie slegs God as liefde aan die menslike gees, maar ook die kosmos in al sy verskeidenheid en wisselwerkinge aan die menslike gees in sy persoonlike verhouding tot sy Skepper openbaar. Die menslike gees rekonstrueer daarom die selfstandig deur God self geskape werklikheid vanuit sy persoonlike verhouding tot sy transendente Skepper, en hierdie geestes-rekonstruering van die werklikheid vind sy eerste neerslag in die taal van 'n bepaalde geestegemeenskap.

Die geestesinstelling wat die Afrikaanse taal as geestesvorm, as wêreldbeeld en daarom as kennisvorm ten grondslag lê, is die nie-empiristiese, wat God as Skepper van die werklikheid en as hoogste Werklikheid aanneem en as sodanig daarop gerig is. Hierdie geestesinstelling kan ons in die algemeen die Afrikaans-Calvinistiese geestesinstelling noem sonder om in besonderhede op die fynere on-

D

derskeidinge en differensiasies in te gaan. Dit kan aan die een kant ontdek en aangetoon word deur die inhoud van die Afrikaanse wêreldbeeld in al sy uitgroeïinge op die verskillende lewensterreine na te gaan en dit te herlei tot die enigste moontlike geestesinstelling, waarvan dit die produk kan wees, en aan die ander kant deur die persoonlike geesteshouding as lid van daardie volk, wat die kultuurinhoude deur die taalbeheersing verwerf het, nader te ontleed. Vir die ontwikkelde kultuurmens wat sy moedertaal beheers en hom die wêreldbeeld van sy volk toegeëien het, is genoemde twee weë egter net twee kante van dieselfde metode.

Die Afrikaanse geloofsbelydenis is Calvinisties en die Afrikaanse godsdienstvorm is na sy wese Calvinisties. Die oncalvinistiese trekke en elemente in die Afrikaanse godsdienstvorm van vandag kan teruggevoer word tot vremde en veral metodistiese invloede wat later daarop ingewerk het. Die Afrikaanse Calvinistiese lewensbeskouing is die eerste en vernaamste beliggaming van die geloof van die Boerevolk aan 'n eie en afsonderlike goddelike bestemming en roeping in Suid-Afrika. In hierdie geloof aan 'n afsonderlike goddelike roeping het die Boerevolk ontstaan as 'n selfstandige en afsonderlike volk. Waar ander volke eers na hul ontstaan in 'n bepaalde geesteshouding teenoor hul lewensomstandighede die Calvinistiese geesteshouding aanvaar het en hul oorspronklike geestesinstelling geleidelik in ooreenstemming daarmee gebring het, is die Afrikaanse volk die enigste volk in die geskiedenis van die wêreld wat in die Calvinistiese geesteshouding teenoor die werklikheid ontstaan het. Dat dit op grondslag van die Nederlandse vorm van die Calvinisme geskied het, is algemeen bekend. Dit het egter gelei tot die totstandkoming van 'n nuwe en oorspronklike Afrikaanse vorm van die Calvinisme wat in die Afrikaanse taal sy neerslag gevind het en op al die lewensterreine tot tipiese kultuurvorme uitgegroeï het. Die konstante bestanddeel van die Calvinisme as bepaalde verskyningsvorm van die Christendom is behou, dog as geesteshouding het dit op Dietse grondslag in Suid-Afrika 'n nasionale vorm aangeneem, en hierdie vormaanneming is terselfdertyd die wordingsgeskiedenis van die Boerevolk.

In die staatkundige lewe van die Boerevolk is God as

die absolute Soewerein erken en is in die stem van die volk die stem van God gesoek. Daarmee is nie bedoel dat die algemene wil van die volk absoluut soewerein is nie, maar wel die wil van God. Die staatkundige grondbeginsels het sy vorm in die republikeinse staatsstelsel aangeneem. Die staat ontleen sy gesag aan God, en daarom moet die staatsgesag gehoorsaam word. Hierdie staatsgesag mag egter nie in die samelewing op so'n wyse toegepas word dat dit b.v. die gesag van die kerk, die skool en die huisgesin vernietig nie, maar moet hierdie lewensterreine in hul selfstandige aktiwiteite as innerlike eenheid beskerm en bevorder. Dit is duidelik dat aan hierdie kultuurvorm van die Boerevolk die Calvinistiese geestesinstelling ten grondslag lê.

Die Afrikaanse regstelsel wat op grondslag van die Romeins-Hollandse reg ontstaan het, is gewortel in die beskouing dat die wil van God die wil van die volk moet wees. Hierdie regstelsel het gegroei langs die weg van die gewoonte in ooreenstemming met die Calvinistiese beskouing tot gewoontereg en van gewoontereg tot wettereg. Alle wette is gefundeer in die volksoortuiging, op die ervaring van die volk. Vanuit die Calvinistiese geestesinstelling en wel op grondslag van die Romeins-Hollandse reg, het die Boerevolk 'n eie regstelsel geskep wat ontwikkel het in ooreenstemming met die volksstrewes en wat aan die besondere lewensomstandighede aangepas was.

Die Christelik-nasionale onderwysstelsel van die Boerevolk is regstreeks deur die kerk gedra en het onder meer die opleiding van lidmate van die kerk beoog. Die staat het slegs saam met die kerk toesig oor die onderwysinrigtings gehou en dit bevorder en beskerm. Die oordraging van die Afrikaanse kultuurinhoude aan die jeug van die volk is bewus vanuit die Calvinistiese geestesinstelling onderneem.

Op al die terreine van die volkslewe het die Boerevolk 'n eie vorm aan die werklikheid gegee en hierdie geestesrekonstruering van die werklikheid het vanuit die Calvinistiese geesteshouding ontstaan en sy omvattende neerslag in die moedertaal gevind. As ons die inhoude van die Afrikaanse taal ontleed, veral die inhoude van die taalbegrippe met betrekking tot die gesinslewe en algemene omgangsvorme, sal ons in elke geval die grondliggende Calvinistiese geestes-

houding aantref. Wat hier slegs in breë trekke aangedui is, is in 'n ander verband in besonderhede uitgewerk. („Die Afrikaner”: Tweede Trek-Reeks). Met betrekking tot die taalbegrippe waarin die gesins- en omgangsverhoudinge van die Boerevolk neergelê is, is dit van belang om te meld dat die Calvinistiese maatskaplike ordeninge van gesagsgeleding daarin duidelik na vore kom. Dit kom in hoofsaak daarop neer dat die Boerevolg as geestesgemeenskap nie as 'n aggremaat van selfstandige en los van mekaar staande individue horisontaal geled en georden is nie, maar wel as 'n organies-hiërargiese geheel tot verheerliking van God. Ook hierin erken ons die Calvinistiese grondslag van die Afrikaanse volkswording. Immers, volgens hierdie geleding staan elke lid van die geheel in 'n persoonlike verhouding tot sy Skepper, besit hy as lid van die geestesgemeenskap 'n eie persoonlike waarde. As agraries-patriargale gemeenskap het hierdie geleding in die Afrikaanse volk 'n vaste vorm aangeneem waarin elke lid van die volk 'n besondere plek gevind het. Nie die individuele drifslawe maak die basis van die gemeenskapslewe uit nie, maar wel die besondere individuele taak in die goddelike bestemming van die volksgeheel, waarvan die enkeling 'n organiese lid is en waaraan hy as gevolg van die gemeenskaplike geesteshouding en wêreldbeeld deur die moedertaal innerlik verbonde is.

Tenoor die Afrikaanse geestesinstelling en wêreldbeeld wat op die verskillende lewensgebiede 'n vaste vorm begin aanneem het, moet ons tans die Engelse geestesinstelling en wêreldbeeld in sy verskillende vaste differensiasies stel. Dan sal ons eers in staat wees om die betekenis van sy moedertaal vir die Afrikaanssprekende en die vraagstuk van tweetaligheid in Suid-Afrika wesentlik vas te stel.

Om die Engelse geestesinstelling nader te omlin, stel ons ook die vraag wat vir die Engelsman die eintlike werklikheid is. In Engels vind ons die berip *reality*, wat nie met die begrip werklikheid ooreenslaan nie. *Reality* omvat vir die Engelsman in die eerste plek die sintuiglik-waarneembare, die handtastelike wêreld, die natuurfeite en natuurkragte en alles wat daaraan diensbaar gemaak kan word. Die Engelse lewensgeheel is gebonde aan die natuur; sy

gees is gerig op kennis van die natuur, op dit wat in die aankouing gegee is en nie daarbuite lê nie. Met die blik aardwaarts gerig, word hy afgetrek in die aardse ryk in die sfeer van die organiese wêreld. Hy beskou die mens, homself, as ingeskakel in die organiese wêreld, as lid daarvan op dieselfde vlak in 'n hoëre ontwikkelingstadium as die ander organiese wesens. Die primêre, rigtende en vormende kragte in die Engelse volkeslewe is, soos Wildhagen in sy studie oor die Engelse volkskarakter aantoon, die natuurgebonde kragte van die siel wat die mens tot 'n groot mate met die dier gemeen het, die drifte en strewe-elemente dus wat die gees in hul bane voer en aan hul doelstellings diensbaar maak. Die gees is alleen reël in soverre dit in die diens van die natuurkragte en die beheer daarvan aangewend kan word.

Die Engelsman „staan met albei voete” in die realiteit en wel onder die druk van die elementêre geweld van die natuur. Die strewe na selfbehoud en die kuddedrif is die primêre kragte in sy gemeenskaplike lewe. Die drang na same-sluiting en samebinding, die wil tot gemeenskap en die skepping van vaste gemeenskapsvorme by alle Engelse volksdele, stande, beroepe en individue is 'n inherente deel van sy strewe na selfbehoud. In 'n artikel in *The Times* van 28 Sept. 1923 word die tipies Engelse as volg saamgevat: „Deur die natuur te respekteer in stede van hom te verneder, deur feite te beskou soos hulle is in stede van aan te toon wat hulle moet en sal wees, het ons ons konstitusie, ons ryk opgebou sowel as daardie verbasende verbindings van die teoreties sinlose en die prakties gesonde wat oral as tipies Engels geld”.

Die Engelse wêreldbeeld, wat 'n geestes-rekonstruering van die *reality* is, vind sy algemene karakterisering opgesluit in die begrip *common*. Die realiteit, die reële wêreld, is immers vir alle waarnemers dieselfde en dieselfde natuurkragte werk in en deur almal. Die *common sense* is dan ook die vernaamste maatstaf van die waarheid en sedelikheid. Hierdie gelykmakende tendens in die Engelse wêreldbeeld kom duidelik tot uiting in begrippe soos *common law*, *Book of Common Prayer*, *Common Wealth*, *common room*, *House of Commons* ens. ens.

Die geestesinstelling wat noodwendig tot die bogenoemde realiteitsbeskouing en wêreldbeeld voer, noem ons die empiristiese geestesinstelling. Ons vind dit ten grondslag van al die begripstelsels van al die bodemvaste Engelse wysgere, wetenskaplikes, opvoedkundiges, ekonome, staatsmanne ens. Ons dink hier aan Roger, Duns Scotus, Wilhelm van Occam, Thomas Moore, Francis Bacon, Hobbes, Locke, Cumberland, Newton, Berkeley, Hutcheson, Hartley, Hume, Reid, Adam Smith, Bentham, Mill, Darwin, Huxley, Spencer en talle ander. Diegene wat hulself nie op hierdie uitgangspunt stel nie, is meestal Skotte wat regstreeks onder invloed van die Duitse denkers gestaan het.

Die Engelse empiristiese geesteshouding voer op godsdienstige gebied tot die deïsme, die leer wat weliswaar 'n God as die oergrond van die wêreld aanneem, dog geen wonder, geen goddelike ingryping in die wêreldloop en in besonder geen goddelike openbaring aanvaar nie. Die Engelse deïmse is veral deur Herbert van Cherbury, John Toland en Shaftesbury konsekwent uitgewerk en geformuleer. Die invloed van die Calvinisme wat na sy vaste differensiering op die Engelse geesteshouding en wêreldbeeld ingewerk het, kom hoofsaaklik neer op 'n versterking van die empiriese oriëntasie en die individualistiese aard daarvan. Dit kom duidelik tot uiting in die Puritanisme wat in hoofsaak op die Ou Testament gefundeer is en veral die wilskragte tot beheersing en ordening van die lewe geaksentueer het. Net soos die Anglikaanse staatskerk, het die Puriteine, die Baptiste en die Metodiste, wat veral uit die middel- en laere stande bestaan het, hulle as Engelse bewus beken tot die empiriese wêreld en sy goedere en aktief deelgeneem aan die ekonomiese, die kapitalisties-industriële produksie. Hierdie deelname het hulle dan probeer in ooreenstemming bring met die eise van hul belydenisse. „In die teorie ongetwyfeld deur die Calvinisme beïnvloed, volg hulle egter in die praktyk, in die lewe en hoe nader ons aan die moderne tyd kom, ook duidelik in die teorie, hul eie Engelse natuur” (Wildhagen: *Der Englische Volkscharakter*). Dat die Engelse wêreldbeeld wat in die natuurryk wortel, neig tot aanknoping aan die Ou Testament met sy verkondiging van die lewenstryd van die uitverkore volk, is seker wat ons op

grond van 'n empiriese geestesinstelling kon verwag het. Dit word geopenbaar in die geloof van die Engelse volk aan 'n eie hoë kultuursending onder die volke van die wêreld. By die Puriteins-opgevoede Carlyle kom dit uitgesproke na vore.

Die Engelse empiristiese wêreldbeeld het op staatkundige gebied vaste vorm aangeneem in die oligokratiese parlementêre stelsel; op regsgebied in die Common Law — veral die juriestelsel en bewysleer sowel as die regsforming toon duidelik die empiristiese grondslag —; op opvoedkundige gebied is dit beliggaam in die humanistiese ideaal van die *Gentleman* — manners maketh man —, op etiese gebied in die utilisme (Mill); op kenteoretiese gebied in die realisme; op ekonomiese gebied in die kapitalisme en op godsdienstige gebied in die deïsme. In 'n ander verband word hierdie grondstelling wat nie betwis kan word nie, in besonderhede uitgewerk. Die voorafgaande dien slegs om die bewering dat die Engelse geestesinstelling en wêreldbeeld 'n oorwegende empiristiese karakter dra, nader te illustreer. Hierdie geesteshouding en wêreldbeeld vind sy eerste en omvattendste neerslag in die Engelse taal. In hierdie houding teenoor die werklikheid het die Engelse volk as 'n afsonderlike volk onder die volke van die wêreld ontstaan.

Om die Afrikaanse taal as moedertaal ten volle te begryp, behandel ons eers kortliks die dinge wat die tweetaligheidsvraagstuk in Suid-Afrika inhou. Waar die Afrikaanse wêreldbeeld as ongediferensieerde geestesvorm, wat slegs begin het om vaste vorm op die verskillende lewenssterreine aan te neem en wel op grondslag van 'n Afrikaans-Calvinistiese geesteshouding, en die Afrikaanse volk as verowerde te staan gekom het teenoor die Engelse volk met sy tot volheid uitgegroeide Engelse wêreldbeeld, is die Afrikaanse geestesaktiwiteit geleidelik weggedwing van al die lewenssterreine, behalwe die godsdiens en tot 'n groot mate die opvoeding en die landbou, terwyl die taal-handhawing as die belangrikste metode van volksbehoud op die voorgrond getree het. Met „weggedwing” word hier bedoel dat die Afrikaanse geestesaktiwiteit nie meer produktief voortgebou het op die fundamente wat op die ander lewensgebiede

reeds gelê was nie, maar langamerhand op die Engelse geestesbou op daardie gebiede gerig geword is. In die Noorde is hierdie proses as gevolg van die Groot Trek tydelik verhinder, dog na die vrede van Vereeniging het dit weer sy gewone gang gegaan en die rigting van die Afrikaanse volkslewe as geheel wesentlik begin beïnvloed. Veral op staatkundige-, regs-, ekonomiese- en hoër-onderwysgebied is die Afrikaanse geestesinstelling geleidelik gerig op die Engelse kultuurvorme, en vind ons daarom 'n verryking van die Engelse kultuur op sy eie grondslae deur die Afrikaanssprekende.

Op godsdienstige en sedelike terrein en ook tot 'n groot mate op die gebied van die laer onderwys en die landbou het die Afrikaanse geesteskepping op grondslag van die Afrikaanse geestesinstelling voortgewerk ten spyte van die kragtige inwerking van die Engelse begrippe op hierdie gebiede. Dog daarmee is nog nie bereik dat die Afrikaanse geestesinstelling teenoor hierdie lewenswerklikhede weggedwing is om die Engelse kultuurvorme op hierdie gebiede op hul eie grondslae verder te verryk en te ontwikkel nie.

Hiermee is die algemene agtergrond van die tweetaligheidsvraagstuk in Suid-Afrika geskep. Die tweetaligheidsvraagstuk beteken nie net dat twee tale as verskillende eenhede van woordeskat en sintaksis teenoor mekaar gestel is nie, maar twee wêreldbeelde, twee kulture wat wesenlik verskil met betrekking tot die geestesinstellinge waarop dit ontstaan het, die differensiasie-stadia wat hulle bereik het en die inhoude daarvan wat in die twee tale hul neerslag gevind het.

Die kern van hierdie vraagstuk is die moontlikheid dat die Afrikaanse geestesinstelling deur middel van die Afrikaanse woordeskat en sintaksis gerig kan word op die verdere uitbouing van die Engelse kultuurvorme, wat noodwendig 'n terugwerking van die Engelse wêreldbeeld en geestesinstelling op die Afrikaanse wêreldbeeld en geestesinstelling tot gevolg het, en wel op so 'n wyse dat laasgenoemde geleidelik in ooreenstemming met eersgenoemde gebring word, en dit ten spyte van die feit dat die Afrikaanse taal as medium gebruik word. In hierdie

geval word die Afrikaanse woordeskat in Engels vertaal met behoud van die Afrikaanse name en klanke, en word die Afrikaanse sinskemas in die rigting van die Engelse sinskemas omgebuig. Met ander woorde, hierdie proses lei tot die behoud van die Afrikaanse name en van die algemene vorme van die sintaksis, dog die begrippe wat daarin en daarmee tot uitting kom, word die Engelse begrippe wat in die Engelse taal hul neerslag gevind het.

Die moontlikheid wat hier gestel word, is egter werklikheid in Suid-Afrika waar die Afrikaanse geestesinstelling reeds uitsluitend gerig is op 'n groot aantal Engelse kultuurvorme, op ander gebiede 'n kragtige inwerking van die Engelse kultuurvorme op die Afrikaanse kultuurvorme ervaar en waar onder die towerwoord „tweetaligheid” so 'n groot nadruk gelê word op die beheersing van Engels deur die Afrikaanssprekende jeug, veral met die oog op 'n betrekking in die Engelse bedryfs-, handels- en kredietwêreld. In daardie Engelse kultuurstelsels waarop die Afrikaanse geestesaktiwiteit gerig is en waarin hy daarom arbeider van die Engelsman word, ondergaan die Afrikaanssprekende die atmosfeer wat deur middel van die beheersing van Engels noodwendig lei tot die vervanging van die Afrikaanse geestesinstelling deur die Engelse geestesinstelling en die Afrikaanse wêreldbeeld deur die Engelse wêreldbeeld. Die inhoud van die Engelse wêreldbeeld word dan geleidelik deur middel van Afrikaans langs die weg van regstreekse gelykstelling van die Engelse woord (as naam-begrip) aan die Afrikaanse naam, los van van sy oorspronklike begrip, en deur die Engels-gerigtheid van die Afrikaanse sinskemas uitgedruk en gedra. Die verskynsel van anglisismes in die growwe uiting van die diepere proses wat onopgemerk voortwerk en eers na tal van geslagte duidelik maar te laat vasgestel sal word. Dan sal die Afrikaanse woordeskat en sintaksis slegs 'n tweede medium vir die Engelse begripwêreld wees.

Die tweetaligheidsvraagstuk soos dit in Suid-Afrika voor kom, verskil wesentlik van dieselfde vraagstuk soos ons dit elders aantref, en vereis daarom 'n besondere studie. Om daarom slegs proefondervindelik na te gaan watter geestelike agterstand 'n tweetalig-opgeleide kind in die skoolont-

wikkeling vertoon teenoor 'n kind wat sy onderwys deur medium van die moedertaal geniet het, bring ons nie tot die wese van die saak nie. In Suid-Afrika beteken jeugdige tweetaligheid niks anders nie as die vervanging van die Afrikaanse geestesinstelling en daarmee van die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing deur dié van die Engelsman, op grond van die aksentuering van die empiristiese moment in die Calvinistiese geesteshouding van die Afrikaanssprekende tot op so 'n hoogte deur die Engelse geestesinstelling dat dit die oorwegende en bepalende rol in sy geestesaktiwiteit inneem.

Die eerste gevolge van hierdie proses is 'n geestesverwarring wat egter geleidelik opgeklar word vanuit die Engelse geesteshouding. Met ander woorde, dit sal in latere geslagte moontlik wees om aan te toon dat jeugdige tweetaligheid geen ernstige geestesverwarring in die innerlike struktuur van die Afrikaanssprekende kind veroorsaak nie, dat die jeugdige Afrikaanse tweetalige kind geen merkbare agterstand in skoolontwikkeling teenoor die eentalige Afrikaanse kind vertoon nie. Maar dan het die tweetaligheidsvraagstuk ook verdwyn omdat Afrikaans 'n tweede draer van die Engelse wêreldbeeld geword het. Hierdie moontlikheid is veral aanwesig omdat moedertaalonderwys in Suid-Afrika nie vir die Afrikaanssprekende kind nodwendig beteken inleiding in sy eie kultuur nie. Ons toon dit kortliks aan.

Moedertaal-onderwys beteken nie dat die jeug onderwys ontvang in 'n aantal „skoolvakke” deur medium van die moedertaal en dit deur middel van enige moontlike doeltreffende stelsel nie. Dit immers is die opvatting wat op empiristiese grondslag ontstaan en nie anders as eensydig bestempel kan word nie. Hierteenoor staan die beskouing waartoe ons na 'n grondige ontleding van die taalverskynsel gekom het, nl. dat moedertaalonderwys die beheersing van die eie taal as inleiding tot die volkskultuur en kultuur van die mensheid beteken, en dit deur middel van 'n opvoedkundige stelsel wat uit die wêreldbeeld op grond van die geesteshouding van die eie volk gegroei het. Moedertaal-onderwys is ook nie die bybrenging van taalkundige kennis, d.i. kennis omtrent die taal nie, maar on-

derwys in die taal, d.i. die ontwikkeling van die taal-kunne, die denke in die taal. Moedertaal-onderwys het die beheersing van die taal ten doel, en dit beteken die ontwikkeling van die vermoë om op die hoëre abstrakte niveau's van die denke feilloos te beskik oor die ewe-eens abstrakte middele van die taal.

Onderwys in die moedertaal as die enigste weg van geestesvorming wat lei tot karakterverinniging op grondslag van die geestesgesteldheid van die eie volk, behels daarom nie in die eerste plek die bybrenging van kennis omtrent die taal, grammatikale onderrig, styloefeninge, waardering van letterkundige produkte e.d.m. nie. Dit alles is noodsaaklik, dog slegs van waarde op grondslag van die werklike taalbeheersing as in leiding tot die kultuurinhoude, die begripstelsel van die eie volk wat die leerling op hierdie wyse produktief-denkend aanwerf. In hierdie verband moet veral gewaarsku word teen 'n eensydige estetisisme, want die letterkundige taal is nie sonder meer die enigste hoogste vorm van die taalgebruik nie (Vgl. Langeveld, „Taal en Denken,” bls. 144 e.v.). „Inleiding in die kultuur van die eie volk en van die mensheid is nie dieselfde as inleiding in die kennis van enkele literêre kunswerke nie.” Ook die ander waardegebiede en hul uitdrukking in die taal is van die allergrootste belang in die taalonderwys. Taalbeheersing hou die aktiewe aanwring van alle kultuurinhoude in en is daarom die enigste weg tot voortbouing en skepping op al die terreine van die volkslewe. Taalonderwys van die kant van die onderwyser gesien, beteken leiding aan die leerling op al die terreine van die volkslewe in ooreenstemming met die lewens- en wêreldbeskouing van sy volk, en wel op so 'n wyse dat die leerling die volle inhoud daarvan vir homself aktief toeëien. Nie net die „taalonderwyser”, maar die onderwysers in alle skoolvakke, is in die eerste plek taalonderwysers. Moedertaalonderwys het daarom die taalbeheersing as die fundamentele weg tot geestes- en karaktervorming ten doel, en dit beteken terselfdertyd die aktiewe en produktiewe toeëiening van die inhoud van die godsdienstige, sedelike, staatkundige, regsopvoedkundige, wysgerige, wetenskaplike, kuns-propaganda- en ekonomiese uitingsvorme van die eie volk op grond-

slag van sy afsonderlike geesteshouding teenoor die werklikheid.

Moedertaal-onderwys word egter in Suid-Afrika taamlik algemeen opgevat as onderwys in verskillende „vakke” — onverskillig wat die inhoud daarvan is — deur **medium** van Afrikaans in die geval van die Afrikaanssprekende gemeenskap. En omdat moedertaal-onderwys so eensydig opgevat word en die werklike wese daarvan as inleiding tot die Afrikaanse kultuur in al sy vertakkinge totaal veronagzaam word, kom ons te staan voor die beskamende toestand dat „moedertaal-onderwys” vir die Afrikaanssprekende behartig word in ’n opvoedkundige stelsel wat nie onvervals gegroei het uit die Afrikaanse wêreldbeeld op Christelike-nasionale grondslag nie, ’n stelsel waarin die Afrikaanse godsdiensvorm as kultuurbesit waartoe die kind noodwendig ingelei moet word, in die sin soos hier bedoel, geen plek gegun is nie; ’n stelsel waarin inleiding tot die Afrikaanse republikeinse staatstelsel (wat nie met die partypolitiek verwar moet word nie), die Afrikaanse Romeins-Hollandse Regstelsel (wat die kultuurinhoud daarvan betref), die Afrikaanse sedelikheid, die Afrikaanse omgangsvorme, die Afrikaanse landbou- en huishoudingstelsel, wat die kulturele inhoute daarvan betref, heeltemal uitgeskakel is; ’n stelsel wat daartoe lei dat die geskiedenis van die eie volk as ’n aaneenskakeling van gebeurtenisse en feite weergegee word; ’n stelsel wat na sy wese Engels-empiristies is en as ideaal ’n „kennis”-oorlaaide afgietsel van die algemeenmenslike, die **gentleman**, beoog. Indien die skoolvakke nie in die eerste plek uit die kultuurlewe van die eie volk kristalliseer en die weg tot die kultuurlewe, die kennisvorme van ander volke, op hierdie natuurlike wyse gevind word nie, met ander woorde, as die skoolvakke uit die opvoedkundige stelsel van ’n ander volk oorgeneem word, beteken moedertaal-onderwys inleiding tot ’n vreemde kultuur en dit deur medium van die eie taal. Die noodwendige gevolg hiervan is die vervanging van die eie wêreldbeeld deur dié van die vreemde volk.

Waar moedertaal-onderwys vir die Afrikaanssprekende nog vandag in hoofsaak onderwys deur medium van die moedertaal is, is dit vir die Engelssprekende in hoofsaak

onderwys in die moedertaal, d.i. taalbeheersing as inleiding tot die kultuur van die eie volk in al sy vertakkinge deur middel van 'n opvoedkundige stelsel wat na sy wese uit die Engelse wêreldbeeld gegroei het. En so moet dit ook wees. Vir die Afrikaanssprekende lei moedertaal-onderwys as moedertaalmedium-onderwys daarom nie noodwendig daartoe dat sy geestesaktiwiteit skeppend gerig word op die kultuurbesit van sy eie volk om dit sodoende op die eie grondslae te verryk en te ontwikkel nie. Die agtergrond hiervan het ons reeds aangedui.

In hierdie omstandighede is moedertaalmedium-onderwys in hoofsaak inleiding deur die moedertaal tot die kultuur van die ander volk, en nie inleiding in die moedertaal tot die kultuur van die eie volk en daardeur tot dié van ander volke nie.

Voeg hierby die inleiding van die Afrikaanse jeug in Engels tot die Engelse kultuur — dan eers besef ons waartoe jeugdige tweetaligheid in die geval van die Afrikaanssprekende volk lei. Wat onregstreeks deur die bestaande opvoedkundige stelsel met moedertaalmedium-onderwys in die geval van die Afrikaanssprekende jeug in groot mate bewerkstellig word, nl. inleiding tot die Engelse wêreldbeeld, word regstreeks bereik deur die beheersing van Engels op skool. Na 'n paar geslagte sal die resultaat duidelik vasgestel kan word: die Afrikaanse wêreldbeeld en geesteshouding sal in hoofsaak vervang wees deur dié van die Engelsman, d.i. die Afrikaanssprekende sal, ten spyte van die moontlike behoud van die woordeskat en sintaksis van sy eie taal, totaal verengels wees.

As sestig of meer persent van die Afrikaanse skoolgaande en arbeidende jeug, wat geen universitêre opleiding geniet het as gevolg van die bestaande opvoedkundige stelsel, die eie taal nie volkome beheers nie, d.i. nie ingelei is tot die kultuurvorme van die eie volk nie, maar in 'n oorwegende mate tot die Engelse kultuurvorme, dan is dit moeilik om te begryp waarom ons so onrustig voel as boonop vasgestel word dat die Afrikaanse jeug Engels nie volkome beheers nie. Die vraag is of die Afrikaanssprekende jeug nie doelbewus meer eentalig-Afrikaans moet word nie, d.i. of ons nie doelbewus moet afstuur op 'n Afrikaanse opvoedkundige stelsel met werklike moedertaal-

onderwys as inleiding tot die ganse kultuur van die eie volk deur middel van die volkome beheersing van die eie taal nie. Dit is immers die enigste weg tot waaragtige geestes- en karaktervorming; tot verbreking van die verknegtende omstandighede waarin die eie lewensbeskouing vir 'n stukkie brood verruil word en die lot van arbeider in en aan 'n vreemde stelsel elkeen wag; die enigste weg wat lei tot vrye geestesaktiwiteit en produktiwiteit op die fundamente van die geestesinstelling van die eie volk; die enigste weg wat moontlik is wanneer ons volk sy afsonderlike roeping aanvaar en voortdurend inhoud daaraan wil gee. Alleen dan sal die korrekte gebruik van die Engelse woordeskat en sintaksis en daarmee die inleiding in die Engelse kultuur vir die Afrikaanse jeug 'n verryking van sy eie kultuur meebring en nie lei tot denasionalisasie nie.

Wanneer Panzer die gebrokenheid en onvryheid aanskou waarin sy geliefde Duitse volk na die wêreldoorlog verval het, lui sy wekroep as volg:

„Diens aan die eie taal, is diens aan die volk. Daartoe is ons almal gebore. Nog verduister donker wolke die lewenslig van ons volk, dog ons glo aan ons volk en ons laat ons nie beroof van ons moed en van ons reg nie. God het die lied van die aarde veelstemmig geskryf. Aan elke volk is sy eie besondere klank gegee, en geen volk kan daarop roem dat hy alleen die volle lied bemeester het nie. Die gehele mensheid ly wanneer 'n volk in sy vrye ontwikkeling gestrem word. Hy wat 'n volk aantast, 'n volk verwond, vermoor die vryheid self...” Sy raad aan die jeug is: „Verwerp en bewaar die heerlike skat van ons moedertaal, word nooit moeg om uit die goue bekere van ons vaders liefde te drink nie, om krag en inspirasie daaruit vir hoë volkse arbeid te put nie...” En ten slotte hierdie aanmaning: „Dat ek in 'n taal gebore is, dat daardie taal in die moederstem my wieg omklink het, die môredrome van my groeiende bewussyn daarin gekleur is en die towerstaf daarvan vir my 'n nog onbekende wêreld ontsluit het — dit alles beteken baie, maar dit beteken nog nie dat ek daarmee die taal van my volk beheers nie. Om dit te bereik, is nodig arbeid en ernstige toewyding.”

PUBLIKASIES

OPGESTEL DEUR DIE FEDERASIE VAN CALVINISTIESE STUDENTEVERENIGINGS IN SUID-AFRIKA.

KOERS IN DIE KRISIS

BOEKDEEL I — BOEKDEEL II — BOEKDEEL III

385 pp.

410 pp.

390 pp.

Band I bevat omtrent 60 en Bande II en III elk omtrent 30 bydraes van Calvinistiese leiers van ons land en van die buiteland oor vraagstukke op alle terreine van die kerk, menslike samelewing, godsdiens, kultuur en natuur.

Die Boeke is op die oomblik nie verkrygbaar nie. Herdrukke sal egter gemaak word sodra toestande dit toelaat.

DIE OSSEWAREEKS

Hierdie reeks behandel vir ons Volk in sy breedste lae, en in volle ooreenstemming met die lewensbeskouing van ons Calvinistiese Voortrekkervoorouers.

(1) TERUG NA DIE GOD VAN ONS VADERS

Deur Dr. J. D. Kestell — 1/3 posvry

„Op die roepstem: Kom terug na die God van ons Vaders! Gee die Boerenasie antwoord: ONS KOM.”

(2) DIE EERSTE BEGINSELS VAN DIE CALVINISTIESE OPVOEDING — Deur Prof. Dr. J. Chris Coetzee — 1/6 posvry

(3) DIE CHRISTELIKE HUISGESIN

Deur Ds. D. F. Erasmus — 2/3 posvry

(4) ONS EN ONS KINDERS

Deur Prof. Dr. J. Chris Coetzee — 1/9 posvry

(5) PAUL KRUGER — Deur Prof. Dr. Postma — 4/6 posvry

„Dit is gesonde volkslektuur wat die mens en staatsman Kruger probeer uitlig uit die komplekse gebeure en op eenvoudige en bevatlike wyse voorstel.”

(6) JONG SUID-AFRIKA — Deur J. H. Coetzee — 2/6 posvry

(7) INSTELLINGS EN ORGANISASIES TOT EER VAN GOD

Deur Drs. H. J. Strauss — 1/9 posvry

(8) VERLOWING EN HUWELIK

Deur Ds. D. F. Erasmus — 4/9 posvry

„Dit is 'n boekie wat in elke huis moet wees” — Die Kerkblad.

(9) CHRISTELIKE SONDAGSVIERING —

Deur Ds. J. C. Botha — 2/4 posvry

„Die Sondagsontheiliging is nie maar een Euwel naas al die ander euwels wat ons bedreig nie; dit is dié ewel by uitnemendheid.” — Die skrywer.

Pro Ecclesia-Boekhandel

„Aan hulle wat elk in sy omgewing of in sy werkkring nou of later leiding moet gee; wil hierdie brosjurereeks in die Calvinistese gees van ons Voortrekker-voorouers voorligting verskaf.

. . Die Verkennerreeks . .

- (1) **DIE BYBEL IS DIE WOORD VAN GOD**
Deur Prof. Dr. J. D. du Toit — 1/9 posvry
Waarvan ontleen die Bybel sy gesag? Waaroor gaan sy gesag? en hoe kom die gesag tot ons?
- (2) **DIE MODERNE STAAT**
Deur Prof. L. J. du Plessis — 2/6 posvry
- (3) **DIE GROND VAN DIE SEDELIKE**
Deur Prof. Dr. H. G. Stoker — 2/3 posvry.
- (4) **INLEIDING TOT DIE ALGEMENE EMPIRIESE OPVOEDKUNDE**—Deur Prof. Dr. J. Chris Coetzee—(Herdruk)
- (5) **ALGEMENE REGSLEER OF JURISPRUDENSIE**
Deur Prof. L. J. du Plessis — 3/- posvry
- (6) **KERK EN VERBOND**
Deur Dr. P. J. S. de Klerk — 2/6 posvry
„Wat ons hier beoog, is meer om die betekenis van die genadeverbond te laat uitkom vir die praktyk van die kerklike lewe”—
Die skrywer.
- (7) **INLEIDING TOT DIE ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE** — Deur Prof. Dr. J. Chris Coetzee—15/6 posvry
„Ons ken hierdie skrywer reeds uit sy vorige werke. Ons ken sy vaardige pen, sy aantreklike styl, sy metodiese behandeling van die stof. Die boek lees lekker en die ontvouing van die onderwerp is boeiend.” — J. de V. Hugo in Koers.
- (8) **MOEDERTAAL EN TWEETALIGHEID**
Deur Dr. P. J. Meyer
2/- posvry
Inhoud: Die wese van die Taal; Volk en Taal; Individu en Moedertaal; Taal en Geestesvorming; Tweetaligheid! Moedertaal en Tweetaligheid in Suid-Afrika.

Op die Pers:

LOS PUBLIKASIES

OP DIE VOORPUNT VAN DIE TYE

Jubileum toesprake gerig tot Korps Veritas Vincet—3/3 posvry

ANALITIESE MEETKUNDE VAN DIE PLAT VLAK —

Deur Prof. J. van Rooy.

VERDERE UITGAWES IN VOORBEREIDING.

Pro Ecclesia-Boekhandel

POSBUS 29

STELLENBOSCH

Ander werke deur dieselfde
skrywer :

*Die Vooraand van ons
Vrywording*
1941.

Die Afrikaner
1940.



VRA OM
PRYSLYSTE VAN
ONS UITGAWES



PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

STELLENBOSCH

*„Een van Ons Beste Boeke oor
Die Opvoedkunde”*

Inleiding Tot Die Algemene Teoretiese Opvoedkunde

DEUR

PROF. DR. J. CHRIS COETZEE

15/6 posvry

Wat Vakkundiges van die boek dink:

J. DE V. HEESE in „DIE BURGER.”

„Almal wat werklik belangstel in die Opvoedkunde en veral diegene wat te wete wil kom wat Christelik-Nasionale onderwys eintlik is soos dit deur prof. Coetzee en sy geesverwante opreg en padlangs bepleit word, moet deeglik kennis maak met hierdie uiters belangrike boek — een van ons beste Afrikaanse boeke oor die Opvoedkunde.”

PROF. BEN TAUTE in „ONS EIE BOEK.”

„Nou weet ons dat prof. Coetzee reeds jarelank een van die voorste intellektuele leiers van die beweging vir Christelik-Nasionale onderwys in ons land is en uit sy vele geskifte weet ons hoe hy oor 'n menigte onderwysvraagstukke dink, maar 'n samevattende, filosofiese behandeling soos hierdie, het hy nog nie geskryf nie. Op hierdie grond kan ons sy boek by lesers sterk aanbeveel.”

J. F. DE VOS HUGO in „KOERS.”

„Ons ken sy vaardige pen, sy aantreklike styl, sy metodiese indeling en behandeling van die stof en die gedrae deurdagtigheid wat agter elke woord sit. In hierdie werk kry ons die skrywer op sy beste in al hierdie opsigte. Die boek lees lekker en die ontvouing van die onderwerp is „boeiend.”

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

Pleinstraat

STELLENBOSCH

Posbus 29